

MAAK DIT 'n VERSKIL AS EK BID? –

'n ONDERSOEK NA GEBED AS 'n ETIESE HANDELING?

Rikus Christiaan Botha

Skripsie ingehandig ter vervulling
van vereistes vir die graad
Magister Divinitatis
in die
Fakulteit Teologie
Departement van Konstruktiewe en Historiese Teologie
aan die
Universiteit van die Vrystaat


15 November 2017

Studieleier: Me. Anlené Taljaard

Verklaring

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Divinitatis aan die Fakulteit Teologie by die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Handtekening 

Datum**2017/11/14**.....

Met dank aan...

Ons hemelse Vader waarsonder ek nie in staat sou wees om só 'n studie aan te pak en te voltooi nie. Filippense 4:13 “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.”

My pa en ma, Riaan en Rachelle Botha, vir hul ondersteuning in my studies regdeur en vir al hul liefde wat altyd alles beter laat lyk as wat dit is.

Aan my suster, Reatha Botha, waarby ek geleer het om voluit te lewe en my drome na te jaag.

Aan my verloofde, Thania Labuschagne, wat altyd daar was om my te motiveer en koffie aan te dra en my gehelp het selfs wanneer sy self baie gehad het om te doen.

Aan my studieleier, Anlené Taljaard, wat my altyd gelei en geïnspireer het en wat nooit te besig was om na my te luister en advies te gee nie.

Inhoudsopgawe

INLEIDING	6
1. Motivering vir studie	6
2. Probleemstelling	7
3. Metodologie	8
4. Wetenskaplike bydrae	9
Hoofstuk 1: JOHANNES CALVYN SE SIENING OOR GEBED	11
1.1 Inleiding	11
1.2 Kenmerke van gebed	13
1.2.1 Gebed is om ons geloof te oefen	13
1.2.2 Gebed is om God, die getroue Vader saam aan te roep in Christus met vaste sekerheid..	14
1.2.3 Die waarde van die daaglikse geestelike oefening van gebed	15
1.2.4 Gebed vertroos gelowiges dat God waarlik luister en omgee in ons alledaagse lewe.....	15
1.2.5 Gebede sonder perke en vrye toegang tot die Vader	17
1.3 Kenmerke van die gesprek tussen ons en God	17
1.3.1 Gebed as gesprek waar ons kan reageer en verander a.g.v. Christus	17
1.3.2 Gebede wat geleef word	18
1.3.3 'n Persoonlike gesprek wat God aanspreek	18
1.3.4 Die Onse Vader gebed maak ons deel van iets groter as onself.....	19
1.4 Om saam te vat	20
Hoofstuk 2: CALVYN EN DIE TRANSFORMATIEWE AARD VAN GEBED VIR VANDAG 22	
2.1 Inleiding	22
2.2 Die aard van interdisiplinêre studies	23
2.3 'n Nie-teologiese hantering van trauma	24
2.3.1 Die gebruik van medikasie	24
2.3.2 Die helingsproses na trauma.....	24
2.4 Die boek van Serene Jones as interdisiplinêre studie	25
2.4.1 'n Verhaal waarin gebed en trauma mekaar ontmoet	25
2.4.2 Die geskenk van die “sonde-genade” konsep.....	26
2.5 'n Beskrywing van gebed aan die hand van Calvyn se kommentaar op die Psalms	27
2.5.1 Calvyn en trauma ervarings.....	28
2.5.2 Die aksie van gebed vanuit die psalms	28
2.6 'n Beskrywing van die elemente aanwesig in die terapeutiese benadering van trauma	29
2.6.1 Gevoelens tydens trauma.....	29
2.6.2 Drie fases in die hantering van trauma	30
2.7 Gebed en trauma word in verband gebring	32

2.8	Kritiese evaluering van hierdie benadering tot die belangrikheid van gebed vir vandag.....	33
2.9	Om saam te vat.....	35
Hoofstuk 3: KARL BARTH SE SIENING OOR GEBED		36
3.1	Inleiding	36
3.2	Die teologiese aard van gebed.....	37
3.3	Die kenmerke van gebed	38
3.3.1	Die vrymoedigheid van die mens om God te <i>mag vra</i>	38
3.3.1.1	Om te vra is 'n gemeenskaplike handeling.....	38
3.3.1.2	Om te vra is om berou te toon en berus op dankbaarheid.	39
3.3.2	Die vrymoedigheid van die mens om <i>God</i> te mag vra	39
3.3.2.1	Hierdie <i>God luister en beantwoord</i> ons uitroepe.....	40
3.3.2.2	Hierdie <i>God onderrig</i> ons tydens gebed.....	42
3.3.3	Die <i>vrymoedigheid</i> van die mens om God te mag vra.....	42
3.4	Om saam te vat.....	44
Hoofstuk 4: BARTH EN DIE TRANSFORMATIEWE AARD VAN GEBED VIR VANDAG .		45
4.1	Inleiding	45
4.2	Gebed as transformatiewe realiteit	45
4.2.1	Om te bid is om die handeling en ingrype van God te verwag.....	45
4.2.2	Die <i>werklikheid</i> van God se koninkryk in gebed.....	46
4.2.3	Gebed maak die <i>krag</i> van God 'n werklikheid.....	47
4.3	Die funksie van gebed: God se wil word ons wil.....	48
4.3.1	Gebed lei ons na God se wil	48
4.3.2	Gebed nooi ons om deur Christus se voorbeeld te bid	49
4.3.3	God se wil word ons wil deur gebed	50
4.4	Die aard van die gesprek tussen ons en God?	51
4.4.1	Dit is God wat spreek en handel in gebed	51
4.4.2	Die getrouheid van gebed deur Sy vergifnis	52
4.4.3	God neem eerste inisiatief	53
4.4.4	Ons spreek God aan in gebed as Vader, Seun, Heilige Gees wat ons rig tot die wêreld... ..	54
4.4.5	Die hart van ons aanspraak maak 'n appel op die totale lewe.....	55
4.5	Om saam te vat.....	57
Hoofstuk 5: DIE LITURGIESE EN ETIESE HANDELING TYDENS GEBED		58
5.1	Inleiding	58
5.2	Gebed as liturgiese handeling.....	58
5.2.1	Die sentraliteit van Christus en geloof in die handeling van gebed	59
5.2.2	Gebed is die wyse waarop ons begeertes in lyn gebring word met die wil van God	60
5.3	Gebed as etiese handeling	61

5.4	Handelinge van die mens tydens gebed.....	62
5.4.1	Ons spreek <i>God</i> aan in gebed.....	62
5.4.2	<i>Ons</i> spreek Hom aan uit dankbaarheid.....	63
5.5	Ons ontvang tydens gebed.....	64
5.5.1	Ons ontvang met dankbaarheid vanuit ons nood.....	65
5.6	Ons respondeer in gebed.....	66
5.6.1	Om gehoorsaam te wees.....	66
5.6.2	Om toegewyd te wees.....	67
5.7	Gevolgtrekking – die verband tussen liturgie en etiek.....	67
5.8	Om saam te vat.....	68
	SAMEVATTING	69
	UITTREKSEL	73
	SLEUTELTERME	75
	BIBLIOGRAFIE	76

INLEIDING

1. Motivering vir studie

Die motivering vir hierdie studie gaan uit van die huidige konteks waarin alles bevraagteken word. Vrae word gevra wat nie altyd beantwoord kan word nie en dan is dit vir ons maklik om ons rug te draai en 'n ander heenkome te soek. Dit raak die norm om dinge “anders” te doen en slegs dit te glo wat feitlik bewys kan word. Een van die kwessies wat onlangs vorendag gekom het, tydens die stakings en ongeregthede in ons land, is die kwessie rakende gebed.

Verskeie geleenthede is geskep waar daar saam gebid is vir die situasie in ons land met die hoop dat dit sal verander. Dit het egter geblyk of daar getwyfel word in die krag van gebed aangesien sulke gebedsgeleenthede later van tyd min tot geen geraak het en ek het begin wonder of ons gebede tot so mate verander, dat die ware betekenis en krag van gebed verlore geraak het? Glo ons nog dat daar krag in gebed is en dat God daardeur ons situasie kan verander of het dit bloot 'n nagedagte geword; 'n blote reaksie wanneer dit sleg gaan omdat ons onself gelowiges noem?

Daar is veral drie sake vanuit die konteks wat hierdie studie gemotiveer het, naamlik die stakings by tersiêre instellings regoor die land, droogte in die land en geweld teen vroue en kinders. Hierdie gebeurtenisse het my telkens laat wonder op watter wyse ons bid, en watter verwagtings daar aan die handeling van gebed gekoppel word. Hierdie gebeure het my telkens laat wonder, maak dit saak as ons bid.

In 2015 en 2016 het daar stakings plaasgevind by verskeie universiteite regoor die land. Die Universiteit van die Vrystaat was deel van hierdie oproeringe waarin geboue beskadig is, standbeelde afgebreek is en gewelddadig opgetree is teenoor betrokke individue. Dit het gelei tot reaksie in die vorm van vergaderings, nog meer geweld, maar ook gebed en 'n soeke na vrede. Dit is vanuit die reaksie van gebed wat ek myself die vraag afgevra het of ons gebed nog van enige waarde is vandag. Of dit enige verskil maak om te bid oor die stakings en of dit maar net leë woorde is wat in die lig hang.

Dieselfde vraag het by my opgekom toe ek nagedink het oor die groot droogte wat die land getref het in 2016/2017 en daar is steeds dele van die land wat hierdie omstandighede ervaar. Dit is 'n tyd van nood waarin verskeie mense saamgekom het en steeds saamkom om te bid vir die land en vir reën om te val regoor die land sodat die droogte verlig mag word. Ek dink in besonder in hierdie geval aan die samekoms waarby Angus Buchan die leiding geneem het. By hierdie samekoms was daar meer as 'n miljoen mense buite Bloemfontein op 'n plaas saam en hier is daar saam vir die land gebid met die hoop dat verandering sal plaasvind wat die droogte aanbetref.

Verder is daar ook baie geweld, wat nie net in ons land nie, maar ook regoor die wêreld teen vroue en kinders plaasvind. Hierdie geweld is grootliks a.g.v. magismisbruik en 'n afwesigheid van respek en liefde. Daar is ook tydens hierdie geleenthede in gebed getree om te bid dat geweld tussen kinders en vroue iets van die verlede moet word met die hoop dat God dit kan verander.

Ten spyte van die omstandighede, is dit duidelik vanuit die konteks van Suid-Afrika dat mense steeds bid en hul gebede steeds die kenmerke dra dat die gebede die tipe samelewing waarin ons leef wel kan verander. Hetsy dit is om hoop daar te stel en om uit te roep na God vir hulp, of om bloot net bymekaar te kom in gebed waar gesprek tussen mens en God kan plaasvind. Die gebede vra dus na iets beter as dit wat ons huidiglik beleef. Is dit egter so dat ons nog in gebed tree omdat ons werklik glo dat God 'n verskil kan meebring, of is ons motief om bloot gesien te word as gelowiges wat bid en intree, juis in 'n tyd waarin gelowiges minder aansien in die samelewing geniet.

2. Probleemstelling

Die onderliggende vraag wat in hierdie studie aangespreek word is, “Maak dit 'n verskil as ek bid?” op 'n persoonlike en samelewingsvlak, met 'n spesifieke fokus op die wissel-werking van God met die mens in en deur gebed.

Die hoop is dat die studie wel ook die volgende vrae implisiet sal beantwoord op die betekenis van gebed, *eerstens* op 'n persoonlike vlak, naamlik is dit nog nodig vir ons om te bid of is gebed bloot iets waarna ons gryp wanneer ons geen ander keuse meer oor het nie? Luister ons na God, wanneer ons bid en as Hy luister, hoe antwoord Hy ons dan? En kan ons

seker wees oor Sy antwoord, hoe moet ons te werk gaan om Hom te kan hoor wanneer Hy met ons praat?

Tweedens dra hierdie gebed enige betekenis vir die gebeure in die samelewing waarin ons leef. Ons bevind onself in 'n samelewing gevul met geweld en 'n neiging om na die eerste beste uitweg te gryp. Dit voel asof ons al hoe minder hoop en daarom al hoe minder glo, omdat ons na die verkeerde dinge probeer gryp, by die verkeerde plekke antwoorde soek en dan vasgevang word in wie God nie is nie, alhoewel ons besig is met die dinge van God. Dit veroorsaak dat ons gesprek met God vervaag omdat ons hoop en ons geloof gevind word in gebrokenheid en ons eie antwoorde, eerder as in verlossing. Weet ons nog wat dit beteken om in gesprek met God te wees en tot Hom te bid?

Alreeds in die Heidelbergse Kategismus word gebed as 'n etiese handeling beskryf. Gebed word hanteer in vraag en antwoord 116 tot 123 en dit lui dat ons gebed nodig het en dat ons nodig het om op 'n sekere manier te bid deur die Heilige Gees wat in ons leef en die Woord wat ons lei in die wêreld. Dit lui verder ook dat God, na ons bede luister en dat dit Christus is wat ons in staat stel om te kan bid.

In hierdie studie word die *aard van gebed* bestudeer met 'n spesifieke ondersoek na die wyse waarop die *handeling van die mens* – in 'n wêreld waarin ongeregtheid en wanhoop aan die orde van die dag is – in die wisselwerking tussen mens en God op 'n persoonlike en sosiale vlak beskryf kan word.

3. Metodologie

In die meegaande studie word die werk van Johannes Calvyn en Karl Barth aangaande die tema van gebed gelees en gebruik. Beide van hierdie teoloë is bekend vir hulle bydrae tot gebed en is daarom interessante en relevante gespreksgenote.

Die studie gee telkens eers 'n kort biografiese skets van beide Calvyn en Barth. Daarna word die aard van gebed met verwysing na wie God is, hoe Hy aangespreek word en watter respons of handeling daar deur die mens hierop is, beskryf. Die studie poog om eienskappe van gebed weer te gee en daardeur te wys hoe hierdie eienskappe van gebed die bepaalde respons in gebed beskryf.

Die studie begin deur 'n beskrywing te gee van wat Calvyn en Barth as gebed beskou en gaan dan oor om die aard van hierdie gesprek tussen God en mens te beskryf. Daar word sterk gefokus op die liturgiese en etiese handeling van die mens om sodoende die agentskap van die mens te beskryf. Hierdie beskrywings poog om aan te dui watter verskil gebed maak, wat vir beide die persoonlike en publieke lewe relevant is.

Om sodoende die relevansie van gebed in ons hedendaagse konteks uit te wys, gaan daar in die studie spesifiek na die werk van Serene Jones gekyk word om die relevansie van gebed te bespreek. Die teologie van Calvyn kom hier op die voorgrond met 'n spesifieke fokus op die gebruik van gebed by trauma.

Karl Barth se werk as relevant vir vandag, word ondersoek in terme van die wyse waarop konteks sowel as die gehoorsame doen van God se wil funksioneer in sy beskrywing van gebed. Só 'n ondersoek sal die relevansie van gebed vir vandag uitwys deur op die transformatiewe aard van gebed in die individu se lewe te fokus.

Duidelikheid word dus in hierdie studie gegee rakende die waarde en relevansie van gebed vandag deur 'n diepe kyk na God wat handel en die rol wat die mens liturgies en eties vervul in die aksie van gebed op hierdie handeling.

4. Wetenskaplike bydrae

Jesus Christus het God sy skepping kom red van die sonde. Hy wil met ons in 'n verhouding staan, want dit is in ons verhouding met Hom dat ons die ware betekenis van die lewe ontdek en hoop vind. Die sleutel tot elke goeie verhouding en die ontwikkeling daarvan is egter kommunikasie en ons kommunikasie met God hang af van ons gebedslewe. In hierdie studie sal hierdie kommunikasie tussen ons en God in gebed ondersoek word en daardeur sal daar tot die gevolgtrekking gekom word dat wanneer ons praat van gebed, ons praat van God wat luister wanneer ons Hom in gebed nader.

Omdat Hy luister kan ons seker wees van Sy antwoord in ons gebed en daarom kan ons nie anders as om self te reageer nie. Hierdie studie sal aan elkeen wat twyfel in die krag van gebed opnuut weer laat nadink daarvoor en opnuut weer die waarde daarvan laat besef. In

hierdie studie gaan daar gekyk word na die verskillende aspekte van gebed met die fokus op die teologie van Karl Barth en Johannes Calvyn om sodoende tot die gevolgtrekking te kom dat ons nie sonder gebed kan lewe nie. Gebed is dus beide 'n liturgiese en etiese handeling wat interafhanklik van mekaar is.

Hoofstuk 1: JOHANNES CALVYN SE SIENING OOR GEBED

1.1 Inleiding

Johannes Calvyn is gebore op 10 Julie 1509 in Frankryk, Noyon. Sy Franse naam was Cauvin en hy het in moeilike finansiële omstandighede groot geword. Hy het egter van vroeg af akademies uitblink wat aanleiding gegee het, dat hy deur 'n Montmor familie ingeneem is om private opleiding te ontvang. As veertienjarige, is hy saam met die Montmor familie se kinders na Parys om opleiding te ontvang vir priesterskap by die *Collège de la Marche*. Ondersteuning is van die Biskop van Noyon se kant af gebied om sy studies te betaal. Calvyn moes egter eers 'n reeks studies aanpak vir beginner studente om hom in staat te stel om gevorderde Latyn lesings van filosofie te verstaan, en daarna moes hy 'n graad in die liberale kunste behaal voordat hy met sy teologiese studies kon begin (Steinmetz 2010:5).

Calvyn is egter na 'n tydperk van omtrent 'n jaar gereed verklaar om met 'n graad in die liberale kunste aan te gaan by die *Collège de Montaigu*, maar hy het egter in die vyf jaar wat hy daar was filosofie studeer. Dit is moontlik hier waar hy blootstelling aan die teologie gekry het met die teoloog John Major wat lesings by die instelling aangebied het. Alhoewel Calvyn nooit enige van hierdie lesings bygewoon het nie, is daar spekulasies dat hy well in gesprek getree het met Major. Rondom by die jaar 1528 het Calvyn se pa skielik besluit om sy seun uit Parys te neem en in te skryf by *Orléans* om sodoende siviele regte te studeer. Hy was gehoorsaam aan sy pa se versoek en het vir 'n jaar in *Orléans* studeer voordat hy sy studies by *Bourges* voortgesit het (Steinmetz 2010:6-7).

In 1531 het Calvyn terug gekeer na Noyon, omdat sy pa ernstig siek was en op 26 Mei van daardie jaar is sy pa oorlede. Alhoewel daar geen sprake van kommunikasie tussen sy pa en broer was nie, a.g.v. meningsverskille, het Calvyn sy pa se dood as 'n vorm van bevryding ervaar, omdat hy nie meer onder die verpligting was om met sy studies in siviele regte aan te gaan nie. Hy is dus terug Parys toe waar hy by die *Collège de France* met studies in Grieks en Hebreeus begin het. Daar is baie dispute rondom wanneer Calvyn homself bekeer het tot die Protestantse lewe, maar dit word algemeen aanvaar dat dit nie vroeër as die jaar 1533 kon wees nie (Steinmetz 2010:7).

In die jaar 1538 word Calvin aangestel in Frankryk as bedenaar van die Woord by die gemeente van Strasbourg, nadat sy bediening in Genève gefaal het. Dit is dan in hierdie tyd wat Calvin sy roeping as bedenaar van die Woord self besef het en dit ook begin uitleef het (Steinmetz 2010:12). In 1540 is Calvin egter gevra om op “leen basis” terug te keer na Genève, waar hy voorheen verneder is, om daar sy bediening voort te sit. Na ’n oorspronklike en hewige teenkanting, het Calvin egter in 1541 ingestem daarmee, en wat veronderstel was om net ’n tydelike instelling te wees, het met tyd ’n permanent instelling geword. Dit is dan in Genève wat Calvin die res van sy bediening uitgeleef het, tot en met sy dood op 27 Mei 1564 (Steinmetz 2010:16-20).

As ’n Protestantse leier van die sestiende eeu, was Johannes Calvin een van die mees invloedrykste persone wat ons gedagtes aangaande godsdienste aanbetref. Ten spyte daarvan dat hy later in sy lewe deur ’n reeks kroniese siektes oorval is, was hy die doelgerigste en gelukkigste tydens die jare wat hy pastoor was by ’n gemeente van Franse vlugtelingen in Duitsland. Sy ervarings in hierdie tyd het hom nie net as pastoor gevorm nie, maar ook as teoloog en godsdienstige. Natuurlik is Calvin se Institusies (eerste weergawe in 1536 voltooi) een van sy mees invloedrykste werke waarin gebed as een van die sentrale temas uitstaan. Dit was egter nooit Calvin se bedoeling om sy lewe aan die studie van teologie toe te wy nie (Steinmetz 2010:3).

Calvin is sekerlik een van die bekendste teoloë binne die tema van gebed. Hy het verskeie bydraes gelewer tot die siening en uitvoering van gebed vandag en dit is daarom belangrik om sy verstaan aangaande gebed meer in diepte te bestudeer. Gebed is vir Calvin leeg as Christus nie as primêre bemiddelaar daarin erken word nie. Daarom noem hy gelowiges se posisie voor God een van dankbaarheid, omdat daar ’n begeerte is na God se wil. Net soos wat daar nie ’n beperking is aan die genade van God nie, is daar ook nie beperkinge wanneer ons uitroep na God nie en ons kan seker wees dat Hy nie net hoor nie, maar luister wanneer ons bid (Kelsay 1989:178).

Soos vroeër genoem hanteer Calvin die tema van gebed in sy Institusie en hy doen dit aan die einde van die derde boek wat handel oor die manier waarop ons die genade van Christus ontvang: watter geskenk na ons kant toe kom as gevolg daarvan en wat die effek daarvan is. Hy hanteer die onderwerp van gebed in die kader oor die Heilige Gees en geloof. Hy bespreek gebed direk nadat hy die temas hanteer het van die goedheid van die Vader en dan in

hoofstuk 20 van die derde boek getiteld, “*Gebed as ’n ewige oefening van geloof en die daaglikse voordele wat daaruit verkry word*” met die onderafdelings van eerstens, *verwysing na God*; tweedens, *’n gevoel van ons begeertes*; derdens, *die onderdrukking van alle trots*; en laastens, *’n sekerheid van om gehoor te word en ons aanspoor om te bid*. Hierin kan alreeds gesien word dat Calvyn ’n wisselwerking sien tussen God en die mens tydens die handeling van gebed. Die Gees skenk vryheid deur Christus Jesus en die mens word genooi om deel te neem aan hierdie vryheid deur God in gebed te nader en te weet dat Hy ons sal help (Institutes of the Christian Religion, III.xx.).

1.2 Kenmerke van gebed

1.2.1 Gebed is om ons geloof te oefen

Calvyn sien gebed as ’n manier om ons geloof te “*oefen*” in die sin dat die geloof daardeur versterk word. Daardeur word alle aspekte van ons geloof in God en ons lewe *voor God* versterk (Kelsay 1989:183). Die hart van die Christelike lewe word gevind in gebed.

Daar word gebid om God se geregtigheid te laat seëvier, sodat ons dit mag sien en mag beleef in die wêreld om ons. In die eerste plek is om te bid, dus *alreeds* om op ’n sekere manier in hierdie wêreld te handel en verantwoordelik om te gaan met God se skepping, omdat ons ook deel is van hierdie skepping en vrede op aarde nastreef (Smit 2007:362).

Om te bid beteken nie dat ons dit nou net in God se hande laat en niks van ons kant af doen nie. Dit vereis juis dat daar op ’n sekere manier gehandel en geleef moet word, sodat God se werke deur ons lewens sigbaar mag word en werklik deel mag word van wie ons is en ons daardeur verander mag word (Smit 2007:363).

Ons lewens moet dus getuig van die dankbaarheid en aanbidding waarmee ons God benader in ons gebed. Vanuit ons gebed leef ons dan regverdig met mekaar en leer ons om verantwoordelik met die skepping van God om te gaan.

Jesus is die koninkryk van God, en omdat ons Hom kan ken deur die Woord, kan ons Hom ook ken wanneer ons bid en bid dat Sy koninkryk sal kom, omdat ons iets daarvan verstaan. Om hiervoor te bid is om te weet dat verandering sal plaasvind, dat ons harte en lippe, ons

gedagtes en ons hele lewe vasgevang word in dit wat ons sê, omdat ons die groot genade daarvan deur Christus besef en kan lewe. Dit is die doel van dit wat Jesus kom doen, dit waarna ons smeek wanneer ons bid, dat God se koninkryk mag kom en dat Hy erken sal word as die Regeerder en Skepper van die skepping (Smit 2007:364-366).

Die aanroep van God het dus direk met ons alledaagse lewe te doen en tydens gebed word ons gerig en verander tot 'n geloofslewe wat God eer en ons naaste dien. Dit is 'n aanroep waarin ons seker is dat God ons hoor omdat Hy getrou is aan Sy beloftes, aan die nuwe lewe wat Hy aan ons kom bring het deur Sy Seun, Jesus Christus.

1.2.2 Gebed is om God, die getroue Vader saam aan te roep in Christus met vaste sekerheid

Wanneer ons God nader in gebed, noem Calvyn dit 'n vorm van “eerbetoning” aan God as die volmaakte Een vir Sy hulp, troos en vorming met Christus as middelaar. Ons eer God deur Hom as die Vader wat getrou is en tot ons redding verskyn het, aan te roep. Hy wat Homself aan ons openbaar in Sy Woord, dieselfde Woord wat ons onderhou wanneer ons in gebed verkeer en om hulp roep na Hom.

Dit is belangrik om te weet dat ons nie alleen is in ons roepe na God nie. Ons is deel van 'n gemeenskap van gelowiges in Christus wat roep na die ‘Onse Vader’, en hierdeur word ons ook gelei en gemotiveer om saam te bid, omdat dit 'n saak is wat ons elkeen raak en ons bring tot eenheid in Christus (Barth 2002:11). Hierdie eenheid in Christus is 'n eenheid waarin ons saam met Christus bid, Hy wat voor die Vader vir ons intree en ons in staat stel om uit te roep, sodat God se troos en hulp in ons lewens sigbaar mag wees.

Calvyn herinner ons in hierdie verband aan Christus wat *namens ons instaan* voor God en dat dit deur Hom is wat God dan na ons kyk. Daarom praat Calvyn van gebed as 'n manier om deur die mond van Christus met God in gesprek te tree. Hy wat namens ons voor God praat en ons in staat stel om te kan bid, omdat Hy die Een is wat self ons onderrig het in gebed en steeds biddend is. Al ons gebede word opgesom in die persoon van Jesus Christus en dit maak dat God nie anders kan as om te antwoord wanneer ons bid nie, omdat dit Jesus self is wat bid wanneer ons bid (Barth 2002:13-14).

Vanuit hierdie siening moet daar besef word dat die God wat ons in gebed ontmoet ook die God is van die verlede, hede en toekoms. Daarom kan ons met sekerheid bid en weet dat wanneer ons Hom daardeur leer ken Hy ons sal vorm tot Sy wil (Wren 1998:186-187). Wanneer ons opreg glo, moet dit wat ons spreek in gebed ook in ons lewens sigbaar word. Ons bid en glo dat wanneer ons bid God luister en dat Hy ook deur ons werk om ons harte en daardeur ook ander mense se lewens te verander. Gebed maak van ons instrumente in God se hande en daarom gebruik Hy ons in die vervulling van ons eie gebede. Dit is dan wanneer 'n lewe van gebed gesien word nie net in die individu nie, maar in die liggaam van Christus as geheel (Wren 1998:190).

1.2.3 Die waarde van die daaglikse geestelike oefening van gebed

Calvyn se beswaar is dat ons maklik kan dink dat gebed nie meer enige waarde het nie, omdat God alreeds weet wat ons nodig het. Dit is egter nie so eenvoudig nie, want God het vir ons die vermoë gegee om ons eie besluite te neem. Hy wil nie namens ons besluit nie. Hy wil hê dat ons binne ons vrye wil self na Hom toe moet kom deur Sy Gees wat in ons leef.

Ons moet bid met beide ons lippe en ons harte, omdat dit ons begeerte is dat God se verlossing en wil in ons lewens seëvier. Die vraag ontstaan egter of ons altyd afhanklik is van gebed selfs al gaan dit goed? Maar gebed is nie iets wat ons kan gebruik soos wat ons dit nodig kry nie. As ons sê dat ons glo is gebed altyd deel van ons lewens, want God se genade en liefde wat Hy aan ons bewys deur geloof in Hom en deur ons gebed tot Hom het geen einde nie. Ons staan as nederige en hoopvolle mense voor God, omdat ons weet dat Hy na ons luister selfs al verdien ons dit nie (Calvyn 1973:449-450).

1.2.4 Gebed vertroos gelowiges dat God waarlik luister en omgee in ons alledaagse lewe

Wolterstorff (2015:73) sê dat wanneer ons praat van God wat luister, dan praat ons van Hom as 'n God wat aandag gee aan wat ons sê. Maar om watter rede sal God na ons luister en aandag gee aan dit wat ons sê, Hy wat die skepper is van die hele aarde? God maak Homself deel van ons lewens deur te luister na ons lofprysing, danksegging, klagtes, seëninge, belydenisse en begeertes. Hy het hierdie *luister aksie* aan ons kom bewys deur Sy Christus. Hy het minder geword en ons menswees aangeneem en daardeur ons saam met Hom opgehef,

sodat ons Sy grootheid mag ken en in 'n verhouding met Hom mag staan. Daardeur het Hy ons in staat gestel om Hom aan te spreek en te weet dat Hy luister (Wolterstorff 2015:76-77).

Om met geloof te bid impliseer dat ons bid met die *sekerheid dat God luister*, en wanneer ons met die sekerheid bid dat God na ons luister, dan bid ons ook met die sekerheid dat Hy ons sal antwoord. Opregte gebed gaan nie oor hoe mooi ons bid of die woorde wat ons gebruik nie, maar eerder oor *hoe eerlik* voor God ons sorg en bekommernisse neerlê – op dieselfde manier as wat kinders dit voor hul ouers sou neerlê. Ons gebed het nie waarde op sy eie nie, maar die waarde van gebed word gevind in die belofte van God wat aan ons daardeur geopenbaar word, in die wete dat dit God is wat ons in staat stel om te kan bid (Calvyn 1973:458-461).

Wanneer ons na God se wil vra in gebed is dit nie Sy onbekende wil waarna ons vra nie, maar die wil wat Hy aan ons openbaar (Calvyn 1973:463). Hierdie wil word deur Christus aan ons bekend gemaak en deur Christus word ons tot 'n nader verhouding met God gebring. As ons bid is dit met hierdie wete en sekerheid en daarom luister God en reageer Hy op ons roepstem. Die geheel van ons gebed berus in die wil van God wat daarin vir ons 'n werklikheid is (Calvyn 1973:466-468). As God se wil ons wil is, is die begeertes van ons gebed ook God se begeertes en kan ons nie anders as om met dankbaarheid te reageer in gebed wanneer God hierdie begeertes 'n werklikheid in ons lewens laat word nie. God seën ons as te ware wanneer Hy ons beantwoord, deur ons begeertes 'n werklikheid te maak in ons lewens. Die sonde verhoed ons om self ons begeertes 'n werklikheid te maak. Daarom moet ons voor God ons skuld erken en erken dat ons Hom nodig het om weer vry te kan wees sodat ons begeertes binne Sy wil 'n werklikheid kan wees. God beperk ons daarom nie in gebed wanneer ons Sy wil daardeur soek nie, maar waarsku dat ons gebede nie verhoor sal word indien Hy nie die fokus daarin is nie. Die waarheid van gebed lê in die fokus wat op God geplaas word (Calvyn 1973:472-473).

Ons kan dalk nou die vraag vir onself afvra “hoekom kies God om na ons te luister?” Die antwoord is eenvoudig, maar nie maklik nie. God kies om na ons te luister, sodat ons gebrokenheid, a.g.v. die sonde, aangespreek kan word en sodat daar herstel of transformasie kan kom. Hierdeur maak ons dit duidelik dat ons afhanklik is van God vir ons lewe en daardeur erken ons Hom ook as die skepper van alle lewe. Ons verhef dus Sy Naam deurdat

ons Hom ken in ons lewens as die bron van alles wat ons is en het, die Een waarsonder ons nie kan nie (Wolterstorff 2015:85-86).

1.2.5 Gebede sonder perke en vrye toegang tot die Vader

Calvyn maak dit duidelik dat gebed nie tot 'n sekere plek beperk behoort te word wanneer God die fokus van ons gebed is nie. Wanneer ons glo, is God se liefde deur Christus reeds 'n werklikheid in ons harte en wanneer Sy liefde vir ons 'n werklikheid is in ons harte, dan leef Hy dus in ons en ons nader Hom in gebed deur hierdie sekerheid van Sy liefde wat in ons leef. Hy het eerste lief gehad en daarom kan ons ook liefhê. Hy het ons in staat gestel om te kan bid en daarom kan ons Hom nader in gebed ten spyte van waar ons onself bevind. Die liefde en genade wat Hy aan ons bewys deur gebed kom leef in ons en is altyd in ons en daarom kan ons enige tyd en enige plek tot Hom bid. Wanneer ons gebed ons bring tot aksies, is dit 'n bewys van ons verhouding met God wat nuwe hoogtes en dieptes bereik, ons liggaam wat meer en meer tot die wil van God gevorm word maak nie saak waar ons onself bevind nie (Calvyn 1973:475-476).

1.3 Kenmerke van die gesprek tussen ons en God

1.3.1 Gebed as gesprek waar ons kan reageer en verander a.g.v. Christus

Wanneer dit kom by menslike deelname binne gebed, maak Calvyn dit duidelik dat die mens 'n rol in die vorm van 'reaksie' vervul. Hierdie reaksie vind plaas deur geloof en dit is dan by geloof wat ons moet begin wanneer Calvyn van gebed praat. Gebed wat plaasvind vanuit geloof en 'n gehoorsaamheid aan wie God vir ons as Christene is. Calvyn reken dat gebed dus 'n reaksie is op ons daaglikse lewe en hoe ons die wêreld om ons verstaan en benader (Barth 2002:9).

Calvyn stel dit mooi wanneer hy van gebed praat as die “deelwording van God se stad”. Elkeen wat deur gebed met God in gesprek tree, is sy kinders, omdat Hy luister en antwoord deur Sy genade op hulle gebede. Die aksie van gebed vind plaas, omdat God erken word as Middelaar en Antwoordgewer wanneer dinge onseker en onmoontlik lyk (Barth 2002:17).

’n Strewe na die liefde van God is ons begeerte wanneer ons God nader in gebed. Hy wat perfekte liefde aan ons kom bewys het luister na ons aanroeping. Ons hoop is dat ons ook iets van Sy groot liefde in ons eie lewens kan beleef. Dit kan slegs gevind word in ons uitroep na God, sodat ons *harte deur Hom vernuwe* kan word. Dit is ’n transformering van die hart wat heling bring wanneer ons nie anders kan as om uit te roep na God toe nie. ’n *Transformering* wat ons “staan voor God” in liefde en begeerte verander (Anderson 1998:117-118).

1.3.2 Gebede wat geleef word

Om te sê dat ons hele lewe een van gebed is, kan ons nie daarmee saam sê dat gebed beperk is tot sekere tye of plekke nie. Daar moet eenvormigheid heers en konstant gesoek word na God se wil in elke situasie en daardeur word ons gebede dieper en ons lewens gevul met wie God is. Dit stel ons in staat om iets van Christus se gedagtes te verstaan met ’n nuwe sensitiwiteit vir ons mede-mens en ’n dieper liefde vir die skepping. *Gebed en lewe* word dus een en kan nie van mekaar geskei word nie. Wat ons doen moet die bewys wees van ’n lewe gevul met gebed, nie omdat ons so oulik is nie, maar omdat ons glo. Die kwaliteit van ons lewens is daarom bepalend van die kwaliteit van ons gebedslewe (Stamps 1998:150-151).

Wanneer ons bid staan ons in nederigheid voor God, nie omdat ons menswees verwerp word nie, maar omdat ons bewus is van ons identiteit voor God. Dit dui dus op ons verhouding met God, ons wat afhanklik is voor Hom. As nederige mense in gebed is ons ook God-vresende mense, mense wat na Sy wil soek en aan Hom gehoorsaam is. Ons word wie God ons geskep het om te wees wanneer ons in ons nederigheid en ons afhanklikheid voor Hom staan. Meer as dit, wanneer ons sê dat ons identiteit by God te vinde is, is ons nederigheid voor God opreg, omdat dit nie in isolasie van Hom geskied nie (Stamps 1998:143). Ons gebed word ook op hierdie manier deel van ons lewens, ’n lewe wat gevul is met ons identiteit, ’n identiteit wat ons deel maak van die liggaam van Christus.

1.3.3 ’n Persoonlike gesprek wat God aanspreek

Wat die taal van ons gebed aan betref, kan ons nie praat van ’n norm waarvolgens ons moet bid nie. Jesus het nooit gesê dat ons taal altyd dieselfde moet wees wanneer ons bid nie. Hoe kan dit dieselfde bly as ons gebed ’n saak van die hart is? As dit ons diepste nood voor God bring? Daarom kan ons nie toelaat dat ons taal tydens gebed beperkend is wanneer ons dink

aan hoe ons God aanspreek nie. Dit gaan nie oor die manier waarop jy God aanspreek nie. Of jy Hom as Vader of Moeder aanspreek nie. Dit gaan bloot oor dat jy Hom aanspreek en dat jy daardeur Hom erken as jou Verlosser en die Een na wie se wil jy strewe in jou lewe. God nooi ons uit om na Hom toe te kom in gebed en die manier waarop ons dit doen verander soos wat God in ons harte werk en ons verhouding met Hom verdiep word. Die Onse Vader gebed was ook nie 'n verpligting van hoe ons as kinders van God moet bid nie, dit was 'n riglyn aan die dissipels om hulle te lei in gebed, en so is dit ook vir ons. Wanneer ons God aanspreek moet ons dit nie beskou as 'n verpligting nie, maar eerder as 'n geskenk (Bondi 1998:154-156).

Wanneer ons sê dat ons gebed vanuit die hart moet wees, maak nie saak of dit publieke of private gebed is waar ons gehoor word of nie gehoor word nie, moet ons taal ook een van die hart wees. In publieke gebed moet daar veral gelet word op die taal waarin gebed word sodat almal of ten minste die groter meerderheid kan verstaan en deel kan neem aan die gebed (Calvyn 1973:451). Ek sou voorstel dat as verskillende taal-groepe teenwoordig is tydens publieke gebed dieselfde gebed herhaaldelik in verskillende tale gebed moet word, sodat eenvormigheid bereik kan word nie uit taal nie, maar vanuit die hart deurdat ons saam bid. Ons bid uit een hart in verskillende tale tot dieselfde God. Wanneer ons God ons Vader noem in ons gebede, is dit deur Jesus Christus wat ons Hom so aanspreek, Hy wat vir ons die verlossing gebring het en daardeur ons saam met Hom kinders van God kom maak het.

1.3.4 Die Onse Vader gebed maak ons deel van iets groter as onself

Bondi (1998:159-167) noem dat die Onse Vader gebed vir hom 'n manier is om herinner te word aan hoekom hy bid, tot wie hy bid en dat hy nie net vir homself nie, maar ook vir sy mede-gelowiges bid. In hierdie gebed word die mens se eie selfsugtige begeertes eenkant toe geskuif, sodat ons die empatie, genade en liefde wat God vir ons kom leer, self kan ervaar en kan leef.

Die Onse Vader gebed is dus vir ons 'n riglyn van hoe om te bid in die sin dat dit aan ons sekere gevoelens en begeertes openbaar. Dit lei ons ook om herinner te word dat ons nie net vir onself bid nie, maar ook vir ander. In hierdie sin moet gebed ons aanspoor om nie individualisties te leef nie, maar om deel te word van die samelewing rondom ons. Om die lewens van ander mense te leer ken en daardeur ook God as die Vader wat luister te leer ken.

Ons taalgebruik tydens gebed moet van so aard wees dat dit ons getrouheid en gehoorsaamheid aan God bevestig. Dit is afkomstig van ons gevoelens en ons bedoelinge en daarom kan ons gebede nie net kognitief wees nie, maar moet dit juis 'n geestelike ervaring wat geskied vanuit die volle self in die teenwoordigheid van God. Op dieselfde manier as wat ons eerste gebed nie dieselfde is as ons laaste nie, verander ons taal – die woorde wat ons spreek – in ons gebede. Ons eerste gebed is dalk een wat ons nie altyd verstaan nie, iets vreemd en oud, maar met tyd maak ons dit ons eie, ons bring ons eie uniekheid en menswees na vore en ons verhouding met God word een waarin transformasie en heling moontlik is. Hierdie verandering in ons gebedslewe vind plaas a.g.v. die feit dat ons hele lewe meer en meer God se wil, en nie ons eie nie, verkondig (Wren 1998:182-186).

Tydens gebed plaas ons beide God en ons naaste, deur ons woorde, in ons monde en ook in ons harte. Hierin is ons woorde tydens gebed bepalend van ons konteks, die betekenis van spesifieke woorde en ook die metafore wat gebruik word. Dus moet ons nie net ons konteks aanspreek nie, maar ons moet dit doen deur gebed met die wete dat ons nie net vir onself bid nie, maar vir die hele liggaam waarvan Jesus Christus die hoof is. Ons leer ken *die self* wat God wil hê ons moet wees deur gebed, deel van Sy liggaam met die doel om verandering te laat plaasvind van ons hele lewe (Ramshaw 1998:169-174).

1.4 Om saam te vat

Calvyn het eens gesê dat wanneer ons bid, dan sien ons die voorsienigheid van God om ons raak, ons sien Sy krag en goedheid raak en ons word oorweldig daardeur. Ons roep dan, binne hierdie toestand, tot God en ons vra dat Hy iets van Sy perfektheid ook in ons lewens 'n werklikheid sal maak (Immink 2016:4). In hoofstuk 1 is gewys dat gebed vir Calvyn die kenmerke van geloof oefening, aanroeping, geestelike oefening, vertroosting en vrye toegang tot die Vader dra. Die gesprek tussen ons en God word ook gekenmerk in sy werk as die een wat ons transformeer deur die oefening van gebed, wat ons bring tot beide 'n lewe van gebed, sowel as 'n lewe van persoonlike gesprek met God en 'n *deel word* van iets groter as onself deur die Onse Vader gebed.

Serene Jones, 'n Calvyn kenner, bestudeer die kommentaar van Calvyn op die Psalms en wys dat Calvyn hier baie verwys na gebed as 'n manier om heling te laat plaasvind spesifiek in tye van trauma – die hantering en oorkoming daarvan. Hierin sien ons 'n aktuele verskynsel

waarin gebed lei tot transformering en heling in 'n persoon se lewe. Wat belangrik is om op te let vanuit hoofstuk 1 is dat gebed vir Calvin 'n transformerende aard het en dat dit daarom steeds relevant is in ons konteks vandag, tesame met die verskillende elemente van gebed wat bespreek is.

In hoofstuk 2 word die werk van Serene Jones bespreek wat vir ons wys op die transformatiewe en helende aspek van gebed deur te kyk na Calvin se verdeling van gebed in die psalms. Daar is eerstens 'n vorm van bevryding, dan 'n vorm van klaag en laastens 'n vorm van danksegging. Gebed maak heling elke dag vir ons 'n werklikheid en daardeur word ons herinner aan ons identiteit as kinders van God wat Sy liefde en krag in ons lewens ervaar. Ons kom lê ons pyn en lyding, ons eie gedagtes vir ons lewens, ons swaarkry in God se hande sodat heling kan plaasvind – God se wil word ons wil (Taljaard 2011:528).

In die volgende hoofstuk gaan daar gefokus word op hierdie helende aspek van gebed wat Calvin vir ons uitlig, en dit sal gedoen word deur om gebed in verband te bring met die hantering van trauma. Daardeur sal gepoog word om die relevansie en transformatiewe aard van gebed uit te wys en as 'n werklikheid in ons huidige konteks voor te hou.

Hoofstuk 2: CALVYN EN DIE TRANSFORMATIEWE AARD VAN GEBED VIR VANDAG

2.1 Inleiding

Volgens Gerrit Immink (2016:1) is dit ons ‘gevoel’ vir God wat in ons hedendaagse samelewing al hoe meer bevraagteken word. Daar bestaan twyfel oor die gedagte daarvan en hy noem dit ’n ongesiene verskynsel vir iemand in ’n sekulêre konteks om na God uit te roep met die hoop dat Hy sal ingryp en verandering sal bring. Godsdienst kan volgens só ’n konteks met behulp van sielkunde, meganismes of sosiale en kulturele prosesse verduidelik word. Dit maak van godsdienst en daarom ook van gebed iets nutteloos. Iets waarna daar net gegryp word, omdat daar niks anders is om na te gryp nie (Immink 2016:3). Dit blyk egter om nie die geval te wees vanuit ’n Christelike oogpunt nie. Gebed is meer as net iets waarna gegryp word wanneer die omstandighede daarvoor vra. Dit is meer as net ’n wens dat iets sal gebeur. In gebed beleef ons God wat in ’n verhouding met ons staan, wat ons antwoord deur dit wat Hy reeds gedoen het, steeds doen, en nog sal doen. Dit is hoopvol en transformerend en kan heling bring daar waar gebrokenheid aan die orde van die dag is.

Die werk van Serene Jones bied ’n interessante beskrywing oor die belang van gebed vir vandag. Sy wys hoedat gebed in ’n pastorale opset kan funksioneer en veral van belang kan wees vir mense wat trauma ervaar het. Sy beskryf in hierdie opsig dus dat gebed terapeutiese waarde kan hê te midde van die uitdagings van hedendaagse trauma. Sy verantwoord verder ook haar werk op die volgende manier, naamlik om te fokus op, eerstens, ’n klassieke beskrywing van gebed en in hierdie geval spesifiek in die werk van Calvyn op die kommentaar van die Psalms. Tweedens wys sy na sielkundige werke op trauma studies en die stappe wat geneem kan word om mense tydens berading te begelei om hul trauma te verwerk. Derdens maak sy ’n versigtige toepassing om te wys in watter mate die beskrywing en funksionering van gebed in die Psalms relevant kan wees tydens die berading van trauma pasiënte.

Sy volg ’n interdisiplinêre benadering in haar hantering van hierdie studie om juis te wys hoe diepgaande kennis oor gebed en diepgaande kennis oor trauma studies juis vanuit hierdie interdisiplinêre oogpunt wel nuwe moontlikhede oor die belang van gebed vir vandag kan

fasiliteer. Daardeur sal tot die konklusie gekom word dat gebed steeds vandag relevant is en 'n verandering bewerkstellig wat daarsonder nie sou plaasvind nie. Voordat daar egter meer in diepte op hierdie studie gefokus gaan word, moet ons eerstens verstaan wat bedoel word met 'n interdisiplinêre studie.

2.2 Die aard van interdisiplinêre studies

Interdisiplinariteit vind plaas wanneer die mure tussen verskillende dissiplines afgebreek word en nuwe navorsing daardeur na vore kom. Dit gaan oor 'n verandering en 'n bevordering van kennis wat moet plaasvind, sodat die beperkinge van akademiese dissiplines gesloop kan word. Geoffrey Bennington beskryf interdisiplinariteit as twee uiterstes wat saam funksioneer. Wanneer hy van die woord "inter" praat, verwys hy beide na die samewerking tussen verskillende dissiplines, en na die betekenis van 'n ongewenste spasie tussen dissiplines wat die gedagte van verdeling na vore bring. Interdisiplinariteit is dus nie net twee of meer dissiplines wat met mekaar in gesprek tree om sodoende die navolging van ander dissiplines se denke te bevorder binne 'n sekere dissipline nie. Dit is ook 'n gesprek tussen twee of meer dissiplines wat lei tot die besef dat daar binne 'n sekere dissipline nie anders met sekere denke omgegaan kan word nie, omdat dit die "egtheid" van die dissipline meer skade aandoen as wat dit bevordering daar stel. Om dissiplinêr te werk, het daarom ook implikasies vir die bevordering van 'n enkel dissipline op sy eie (Moran 2010:13).

Meer as dit, is integrasie en interaksie twee konsepte wat die uitdagings van interdisiplinariteit oorbrug. William Newell stel dit voor deur na 'n wye en nuwe manier te verwys waarop interdisiplinariteit plaasvind. Nuwe interdisiplinariteit vind plaas tussen dissiplines met verenigde agtergronde en paradigmas, terwyl wye interdisiplinariteit plaasvind tussen dissiplines met min tot geen verenigende aspekte (Klein 2010:20). In die hoofstuk wat volg gaan daar na die interdisiplinariteit wat plaasvind tussen trauma hantering en gebed gekyk word binne die groter koepel van pastorale sorg. Die vraag wat aangespreek word 'n nuwe voorstel waarin gebed aangebied word as 'n helende aspek binne die hantering van trauma. Hierdeur sal daar gepoog word om 'n nuwe verstaan aangaande die helende aspek van gebed daar te stel en terselfdetyd sal daar nuwe lewe gegee word aan die relevansie van gebed in ons hedendaagse samelewing.

2.3 ’n Nie-teologiese hantering van trauma

Voordat daar egter integrasie kan plaasvind tussen die dissiplines van sielkunde en etiek, moet ons eers verstaan hoe trauma vanuit ’n nie-teologiese raamwerk hanteer word. Wêreldwyd word al hoe meer mense blootgestel aan traumatiese ervarings. Sielkundiges word gekonfronteer met pasiënte wat bang en negatief is oor die toekoms, spesifiek in gevalle waar die traumatiese ervaring daaglik beperkinge daar stel a.g.v. ’n herlewing van die trauma gebeur. ’n Proses van heling is nodig om aan hierdie pasiënte hul *vryheid* terug te gee en daar bestaan verskeie tegnieke hiervoor. Hierdie proses is egter nie maklik nie en vereis baie geduld en opofferings oor ’n lang tydperk.

2.3.1 Die gebruik van medikasie

Tamara Zanella (2014:38), ’n sielkundige van Johannesburg, noem gevalle waar die enigste oplossing in die behandeling van trauma die gebruik van medikasie is, omdat sommige pasiënte net eenvoudig nie in staat is om die traumatiese gebeurtenis te herleef deur sielkundige behandeling nie. Medikasie is nodig om te verseker dat die traumatiese ervaring nie ’n verdere houvas op die pasiënt se lewe kry nie. Soms gebeur dit ook dat ’n pasiënt deur die proses van heling gaan en steeds nie die traumatiese ervaring kan oorkom nie. In sulke gevalle word medikasie ook aangebied in die behandeling van die trauma.

Betablokkeerder dien in sommige gevalle as ’n “skadelose” behandeling van trauma wanneer daar na die wye spektrum van medikasie gekyk word in die behandeling van trauma. Daar is ’n konneksie tussen betablokkeerder en sterk, gelaaide, emosionele herinneringe en navorsing toon dat betablokkeerder die emosies wat tydens trauma beleef word dêm, deurdat dit daaraan ’n minder emosionele herinnering koppel. Dit bied dus ’n vorm van herstel en heling in die sin dat die herinnering van die gebeurtenis ’n minder stresvolle emosionele effek het op die trauma pasiënt (Zanella 2014:38).

2.3.2 Die helingsproses na trauma

Navorsing toon dat daar ’n groot hoeveelheid Suid-Afrikaners is wat trauma behandeling benodig. Hierdie behandeling vereis ’n oorvertel van die traumatiese gebeurtenis, sodat herstel kan begin plaasvind vanaf ’n post-traumatiese toestand. Terapeute vra gewoonlik vir die

trauma pasiënt om die gebeurtenis so deeglik as moontlik oor te vertel en sodoende 'n tussenproses te bewerkstellig. Dit kan egter tot 'n nuwe trauma belewenis lei indien die proses nie reg hanteer word nie. Daarom is dit belangrik om seker te maak dat die prosesse in die oorvertelling van die verhaal herstel fasiliteer (Kaminer 2006:481-482).

Die oorvertelling van die traumatiese gebeure moet binne 'n veilige omgewing geskied, sodat dit herstel op 'n sielkundige vlak kan fasiliteer deur trauma pasiënte *aanpasbaar* te maak tot die angs wat geassosieer word met die traumatiese gebeurtenis. In sommige gevalle kan die trauma pasiënt toenemend aan die herinnering van die trauma ervaring blootgestel word in 'n poging om die sielkundige en/of fisiologiese effek daarvan te verminder. Dit is die herinnering aan die trauma gebeurtenis wat gevrees word, omdat dit geassosieer word met gevaar. Dit veroorsaak dat die pasiënt dit eerder probeer vermy en word daar nooit 'n geleentheid geskep waarin daar geleer word dat die herinnering van die gebeurtenis nie gevrees hoef te word nie. Dit belemmer die helingsproses en beperk die trauma pasiënt indien die gebeure nie aangespreek en oorvertel word nie (Kaminer 2006:486-487).

Die tegniek om trauma pasiënte te bring tot by 'n punt waar die gebeurtenis direk aangespreek word, stel die pasiënt in staat om sy/haar vrees te beheer deur ontspannings-tegnieke en visualisering. Hierna word die pasiënt aangemoedig om die gebeure oor te skryf in hul eie woorde asof dit huidiglik met hulle gebeur. Dit moedig ook die uitdrukking van emosies en gevoelens aan. Die gebruik van hierdie “blootstellings tegniek” is een waarin die trauma herinnering weer en weer onthou word deur die konstante oorvertel daarvan. Dit laat die pasiënt *gewoond raak* aan die vrese wat met die traumatiese ervaring gepaard gaan tot so 'n mate dat dit nie meer gevrees word nie. Die assosiasie tussen die trauma gebeurtenis en gevaar word dus gebreek en die gebeurtenis kan herroep word sonder om die pasiënt se lewe te “beheer” of te “bepaal”. Dit is 'n vorm van “blootstellings terapie” wat lei tot heling (Kaminer 2006:487-488).

2.4 Die boek van Serene Jones as interdisiplinêre studie

2.4.1 'n Verhaal waarin gebed en trauma mekaar ontmoet

Met bogenoemde inligting in gedagte kan daar nou beweeg word na 'n interdisiplinêre benadering tussen die hantering van trauma en die invloed van gebed. Vir iemand soos

Serene Jones is die vertrekpunt van só 'n studie die verhaal van 'n jong dogter wat 'n getuie was tot 'n skiettog waarin 'n man doodgeskiet is. As enigste getuie, moes sy getuig van die gebeurtenis in die hof en die trauma van wat gebeur het van voor af in haar gedagtes herleef. Die impak van só 'n gebeurtenis is moeilik vir enige iemand om te hanteer, wat nog te sê van 'n jong dogter. Gelukkig was daar vroue in die gemeenskap waar sy geleef het wat haar ondersteun het in die verwerking van die gebeure. Hulle het die psalms as riglyn gebruik in die ondersteuningsproses en dit is hier waar Serene Jones se pad begin met gebed en trauma hantering. Die psalms het in hierdie sin vir haar leiding op 'n unieke manier gebied. Dit het heling op 'n gesamentlike en rituele manier laat plaasvind op maniere wat “gewone” trauma hantering bevraagteken (Jones 2009:44-45).

Jones het die literatuur op trauma van groot hulp gevind, omdat dit haar ingelei het tot die insigte van psigoanalise en die sosiale wetenskappe wat oor geweld praat en ook omdat dit gedeeltelik haar eie traumatiese ervarings op die voorgrond geplaas het. Sy het self die traumatiese ervarings van 'n miskraam, 'n gebroke huwelik, en die dood van 'n goeie vriend beleef. Tydens die emosionele proses wat gepaard gegaan het met 'n diepe bestudering van literatuur op trauma, het Jones 'n verandering in terme van haar persoonlike teologiese lewens ervaar. Dit was wel vir haar moeilik om hierdie verandering van die begin af raak te sien en sy skryf dit toe aan die hand van 'n “sonde-genade” konsep (Jones 2009:152).

2.4.2 Die geskenk van die “sonde-genade” konsep

Hierdie “sonde-genade” konsep waarna Jones verwys is die eenvoudige boodskap van God wat elke gelowige ter harte ken. Dit gaan oor God wat die wêreld geskep het, en hoe dit dan in sonde verval en slegs daarvan gered kan word deur God se groot liefde in die vorm van Jesus Christus. Die mensdom wat in sonde vervalle was is nou gered, omdat God se genade en liefde die sonde oorwin het vir altyd. God se genade bring op 'n dramatiese wyse heling in ons lewens deurdat dit ons kom red van die sonde wat die oorhand probeer kry in ons lewens. God transformeer ons en bring vir ons nuwe lewens (Jones 2009:152-154).

Hierdie transformasie kan slegs 'n werklikheid in ons lewens word indien ons self tot die besef kom dat God aan ons hierdie geskenk gegee het en dat ons in Sy genade kan lewe. Daarom moet ons Hom aanspreek in gebed en daardeur erken dat ons afhanklik is van sy genade en

liefde in ons lewens. Hy is die een waarna ons uitroep vanuit ons trauma-toestand met die wete dat Hy luister, Hy wat ons gered het van die ewige dood en betrokke is in ons lewens.

Die “sonde-genade” konsep kan egter gevaarlik wees wanneer daar altyd ’n verwagting is dat wanneer dit sleg gaan, genade uiteindelik in elke geval sal seëvier. Die gedagte dat God in elk geval herstel sal bring en ons nie nodig het om te bid nie. Dit maak ons lui en ons sien nie die nut om van ons kant af geregtigheid te laat seëvier nie, omdat dit in elk geval van God af verwag word. Ons sien die gebrokenheid in die wêreld en verwag dat God daaraan net eenvoudig iets moet doen (Jones 2009:154-155).

Ons moet die gebrokenheid egter na Hom toe bring in ons gebed, want daardeur erken ons dat dit Hy is wat aan ons begeertes voorsien. Die transformerende krag van God in ons lewens sal nooit beleef kan word indien ons nie in gebed daarvoor vra nie, omdat ons dit nie sal herken indien dit daar is nie. Die Here wil juis saam met ons wandel in ons tye van teenspoed en Hy wil hê dat ons na Hom toe moet uitroep in ons swaarkry, sodat ons Sy grootheid self ook mag raaksien en beleef. Dit is ’n proses waarin ons Hom leer ken as Skepper, maar ook as die Onderhouer van Sy skepping. Dit is belangrik om te weet dat ons nie alleen is in ons swaarkry en ons roepe na God nie.

Calvyn noem dat ons deel is van ’n gemeenskap van gelowiges in Christus, en hierdeur word ons gelei en gemotiveer om saam te bid, omdat dit ’n saak is wat ons elkeen raak en ons bring tot eenheid in Christus (Barth 2002:11). Op dieselfde manier is die helende proses van trauma ook ’n gesamentlike proses waarin verskeie rolspelers die werklikheid van Christus aan die getraumatiseerde openbaar. Hierdeur word die aksie van gebed ’n werklikheid in die hele menswees van gelowiges. Gebed moet dus nie net beperk word tot persoonlike gebed nie, maar moet ook, soos wat Barth voorstel, publieke of openbare gebed omhels.

2.5 ’n Beskrywing van gebed aan die hand van Calvyn se kommentaar op die Psalms

Calvyn bied volgens Serene Jones unieke wysheid in die manier waarop genade en geweld mekaar ontmoet. Ons kan die genade beskou as gebed en die geweld as trauma. Dit is ’n wysheid wat veral relevant is in die wêreld waarin ons onself vandag bevind, ’n wêreld gevul met geweld en opsoek na genade. Hierdie genade word volgens Calvyn se bestudering van die psalms juis gevind in die doen van gebed (Jones 2009:43). Verder noem hy dat die Bybel ’n

lens is waardeur daar gekyk moet word na die wêreld waarin ons leef. Dit laat ons 'n wêreld raaksien waarin die God van Israel en die God van Jesus Christus ons uitnooi om deel te word van Sy koninkryk (Jones 2009:46).

2.5.1 Calvyn en trauma ervarings

Calvyn is self ook in sy lewe vervolgd, omdat hy “anders” as die res was en 'n eie verstaan gehad het van die Christelike geloof. Calvyn was vasgevang in 'n samelewing waarin een van twee tipes persone te vinde was. Eerstens, die gelowiges wat onregverdig aangeval is deur die “bose mense van die samelewing”, en tweedens die bese oortreders wat op 'n gewelddadige manier probeer om gelowiges seer te maak.

Calvyn het die nood vir pastorale sorg raakgesien in hierdie konteks van weerlose mense en hy was bewus dat die pyn wat hulle beleef het nie 'n hart gebroke pyn was nie, maar eerder 'n pyn wat ervaar word wanneer iemand aktief daarop uit is om jou seer te maak.

Dit laat sulke persone in 'n status van hulpeloosheid, omdat die betekenis van geloof nie meer geken word nie. Al wat bekend is, is die geweld wat dag na dag 'n realiteit is en waarvan daar nooit ontsnap kan word nie. Die lewens van hierdie mense gaan al hoe meer agteruit, omdat daar nie meer hoop is op 'n beter realiteit nie (Jones 2009:48). Gelukkig is daar geen omstandighede waarin God ons nie kan hoor nie. Ons kan tot Hom bid in ons diepste nood en Calvyn kom bewys dit dan ook vir ons deur die psalms.

2.5.2 Die aksie van gebed vanuit die psalms

Calvyn se kommentaar op die psalms fokus op die verstandelike implikasies van geweld wat daarop dui dat Calvyn nie net wil help met die hantering van die fisiese effekte nie, maar ook met die hantering van die emosionele effekte. Calvyn interpreteer die psalms op 'n manier wat hoop bring aan elkeen wat hopeloos is a.g.v. geweld en onreg wat in die wêreld heers. Daardeur word “God wat luister” vir die psalm skrywers en so ook vir die leser van die psalms 'n werklikheid en word 'n toekoms beter as die huidige 'n werklikheid (Jones 2009:48-49).

Calvyn gebruik die Psalms om die psalm skrywers se ervaringe te beskryf in 'n tyd waarin hulle self trauma beleef. Hierdeur probeer hy aan die gewone mens 'n boodskap van hoop oordra, dat selfs diegene wat trauma ervaar dit na God toe kan bring en kan weet en kan seker wees daarvan dat Hy luister. Die psalm skrywers staan dus volgens Calvyn saam met diegene wat gewond is en bring die gevoelens van elke getraumatiseerde op die voorgrond deur die woorde wat ons in die psalms vind (Jones 2009:49-50-51).

Om met geloof te bid impliseer dat ons bid met die sekerheid dat God luister, soos wat Calvyn (1973:458) ook noem en wanneer ons met die sekerheid bid dat God na ons luister, dan bid ons ook met die sekerheid dat Hy ons sal antwoord. Ons moet hierin eerlik en nederig voor God staan, omdat dit God is wat waarde aan ons gebed gee. Indien Hy nie na ons geluister het nie, sou ons gebed nutteloos gewees het en sou ons in die eerste plek nie in staat gewees het om te kan bid nie. God neem die inisiatief en daarom kan ons bid.

Sonde en tye van swaarkry maak dit vir die mens iets ondenkbaar om hulle eie begeertes aan te spreek. Daarom moet ons God in gebed aanspreek met ons begeertes, na Hom toe uitroep in ons nood, maar ook in ons voorspoed. Ons moet God se wil in ons gebede soek en dit beteken dat daar 'n diepe fokus op Hom moet wees wanneer ons bid. Dit is presies hierin wat die waarheid van gebed dan lê, afgesien van waar of wanneer ons gebed geskied (Calvyn 1973:472-473).

2.6 'n Beskrywing van die elemente aanwesig in die terapeutiese benadering van trauma

2.6.1 Gevoelens tydens trauma

Getraumatiseerde persone voel meeste van die tyd totaal en al verwerp, alleen en asof hulle nie meer deel is van die samelewing en sy sisteme nie. Hulle voel soos buitestaanders wat in gebroke verhoudings staan met hul vriende en families, en meer as dit voel hulle vervreem van die gemeenskap sowel as die godsdienstige sirkels waarin hulle beweeg. Wanneer hierdie vertrouwe en hoop verlore gaan, voel hierdie persone nader aan die dood self as aan die lewe (Jones 2009:50).

Hulle verloor perspektief en kyk vas in die moedeloosheid van eerstens, hul gevoelens en tweedens, hul omstandighede. Daar heers 'n gevoel dat hulle nie meer in staat is om te kan

lewe nie en daarom kies hulle eerder die dood – in die sin dat hulle waardeloos voel. Op 'n manier moet getraumatiseerdes opnuut geïnspireer word, in staat gestel word om weer te hoop in 'n hopelose situasie. Dit is presies die uitdaging wat Serene Jones uitlig en probeer om heling te bewerkstellig.

Judith Herman stel drie fases van heling voor in die hantering van trauma en hierdie fases kan toegepas word op die teologie van Calvyn om sodoende die gesprekke wat plaasvind tussen gebed en trauma studies duidelik na vore te laat kom. Wanneer ons in hierdie verband praat van die teologie van Calvyn, word daar in die besonder gedink aan Calvyn se hantering van die psalms op drie verskillende maniere. Eerstens, psalms van bevryding; tweedens, psalms van klaag; en laastens, psalms van danksegging. In sy identifisering van die psalms op hierdie drie maniere, wys Calvyn die teenwoordigheid van die goddelike en die reaksie van die menslike daarin uit. Dit resoneer met Herman se drie fases vir die helingsproses van trauma (Jones 2009:55).

2.6.2 Drie fases in die hantering van trauma

Binne Calvyn se kategorie *psalms van bevryding*, beskryf hy 'n persoon wat God direk aanspreek in gebed, soekend na ondersteuning en “redding” vanuit die moeilikhede van die lewe. Dit kan direk verbind word aan die **eerste fase** van Herman se hantering van trauma waarin veiligheid, voorsienigheid en getuigenis nagestreef moet word, elemente wat tydens gebed 'n sentrale rol vervul. Wanneer Calvyn die psalms lees, fokus hy op wat dit vir ons vertel oor God se mag en genadige liefde. Hy wys die goedheid en geregtige krag van God vir ons uit en skep daardeur 'n teologiese raamwerk waarin elkeen wat die psalms lees seker kan wees van God se vertrouwe en veiligheid in die midde van hul trauma (Jones 2009:56).

Die bevrydingsteologie binne die psalms en die **eerste fase** van trauma hantering werk dus op drie maniere saam. Dit bring die getraumatiseerde persoon voor die realiteit van wie God is asook die realiteit van Sy alomteenwoordigheid wat 'n gevoel van veiligheid bied. Wanneer ons weet dat God die uiteindelijke bepaler en regeerder van die skepping is en dat Hy in beheer is van alle omstandighede, weet ons dat die booshede wat ons oorval in hierdie wêreld nie die finale sê oor ons lewens het nie. God se liefde doof die geweld van die lewe uit en dit word al hoe meer 'n werklikheid in die lewe van die getraumatiseerde. Wanneer Sy liefde al meer 'n werklikheid word, kom daar herstel in verhoudings, omdat vertrouwe weer moontlik is.

God belowe dat Hy saam met ons sal loop deur ons tye van swaarkry, dat Hy dit saam met ons beleef en ons vry maak selfs in ons onderdrukking. Hieruit vloei dan die derde manier waarin God weereens die getraumatiseerde in staat stel om deel te wees van iets groter as hulself. God is die een wat in beheer is, die een wat na ons luister en ons beskerm. Ons leer vanuit die psalms van bevryding dat mense wat slagoffers is van trauma, slegs kan voel asof hulle steeds betekenisvol in hierdie wêreld kan leef wanneer goddelike agentskap hulle konteks beïnvloed (Jones 2009:56-57). Dit is 'n diepe vertrouwe en hoop in 'n God wat sigbaar word wanneer ons Hom toelaat om in ons harte te leef. Dit skep geloof en spoor ons aan om anders te leef in die wêreld waarin ons onself bevind, maar waardeur ons nie bepaal word nie. Ons word getroos deur God self wat ons omhels met Sy liefde.

Wanneer die **tweede fase** van trauma hantering in verband gebring word met die psalms, is dit in die vorm van *klag en rou* waarin die trauma onthou en bely word. Nadat getraumatiseerdes deur die eerste fase van vertrouwe, gesprekke en interaksie in die vorm van verhoudings gegaan het, volg 'n proses waarin die traumatiese ervaring onthou en oorvertel word. Op hierdie manier word die onduidelikhede rakende die waarheid van die ervaring ontbloot en word die “siekte” van die saak duidelik en aanspreekbaar vir die trauma pasiënt. Tydens hierdie proses word God aangespreek in gebed net soos wat die psalm digters God aanspreek deur die psalms van klag en rou. Rou kan slegs plaasvind as die traumatiese gebeure verwoord word – wat die meerderheid van kere tydens gebed plaasvind. Dit is 'n ontbloting van *die self* wat 'n emosionele en eerlike posisie voor God impliseer. Wanneer die getraumatiseerde die gebeure herroep en self aanhoor, word 'n dieper verstaan van die gebeure waaroor getuig word moontlik en kan daar beweeg word na 'n proses van heling (Jones 2009:58-60).

Die finale proses van heling vind ons by die **derde fase** waar trauma hantering in verband gebring word met *psalms van danksegging* deur 'n herintegrasie van die alledaagse en dieper begrip vir die omvang van God se genade. Dit gaan oor die bekragtiging van getraumatiseerdes, sodat hulle bo die gebeurtenis kan uitstyg en die lewe weer kan geniet deur dit wat hulle doen. Danksegging vind hier deur aksie plaas in die vorm van “dit wat ons doen”. Die dade van 'n trauma pasiënte word direk beïnvloed deur gebed en die oorgang van hoop in gebed tot hoop in die persoon se dade dui op 'n vorm van dankbaarheid vir 'n lewe waarin God die bestuurder is. Daar kan uitgesien word na 'n toekoms waarin die traumatiese ervaring uitdoof word. Dit is 'n gemoedsverandering wat makliker gesê as gedoen is, maar tog

moontlik is, omdat dit God is wat ons harte aanraak en ons hele menswees verander (Jones 2009:61-62).

Wat belangrik is om te onthou tydens die fases van trauma hantering is dat dit nie die pyn van die trauma wat beleef is wegneem nie, maar eerder die houvas daarvan op die individu se lewe aanspreek en daardeur heling probeer bring deur die ervaring of gevoel met die ervaring van God se liefde te vervang, 'n liefde wat alle grense oorskry. Hoop word nie deur hierdie proses gevind omdat daar nie meer tekens van die bose is nie, maar omdat die aktiwiteit van danksegging die goedheid en liefde van God staaf en bevestig.

Hierdeur word die wêreld nie meer gesien as 'n boosheid waarin geen lewe moontlik is nie, maar eerder as 'n geskenk van God waarin die dood nie die finale sê het nie. Daar is hoop in die sekerheid van die ewige lewe saam met God (Jones 2009:63). Elke keer as ons met God in gesprek tree, hetsy dit in ons diepste nood is of wanneer dit met ons goed gaan, is hierdie sekerheid van hoop vir ons 'n werklikheid. Hy hoor ons uitroep en reageer deur Sy verlossing sodat ons Hom mag dien met danksegging en diensbaarheid.

2.7 Gebed en trauma word in verband gebring

Jones (2009:49-50) verduidelik dat wanneer ons die werk van Calvyn saam met die Bybel aan die een kant lees, en aan die ander kant die werk van trauma teoretici, is daar sekere patrone wat geïdentifiseer kan word en wat ons toelaat om tot nuwe insigte te kom wat nie noodwendig moontlik sou wees in die teologie alleen nie. Sy wys ook vir ons op 'n moontlike uitdaging in Calvyn se hantering van trauma studies en gebed in die psalms wanneer sy na die menslike reaksie verwys. Alhoewel dit 'n wonderlike gedagte is dat trauma pasiënte getransformeer kan word deur 'n herlewing van die psalms in drie fases, is dit 'n proses waarin daar nogsteeds versigtig omgegaan moet word met getraumatiseerde persoon aangesien dit 'n lang proses van stilword by God se voete vereis voordat daar opnuut weer gereageer kan word. Ons leer ken God se hart vir sy skepping deur gebed – waarvan ons deel is – en daardeur word nuwe betekenis gevind selfs deur traumatiese ervaringe. Dit is 'n pad wat God ons nie alleen laat loop nie, waar ondersteuning deur die liggaam van Christus aan die orde van die dag is (Jones 2009:65-66).

Die groter meerderheid trauma pasiënte bereik nie noodwendig 'n punt waar hulle die trauma oorkom nie. Die traumatiese ervaring lê so diep gevestig in die gedagtes en liggaam van sommige pasiënte, dat die moontlikheid van hoop eenvoudig onmoontlik is as daar nie met God in gesprek getree word nie. Dit is ook so dat daar trauma pasiënte is wat tot by 'n punt van heling kom, maar die kwessie rakende 'n verlede waarvan daar nie wegbreek kan word nie bly steeds. Dit wys vir ons die moeilike en lang proses van trauma hantering uit waarin die einddoel die nuutmaking van die trauma persoon is (Jones 2009:155-156).

Hoop is altyd teenwoordig wanneer ons met God in gesprek tree en Hom aanspreek as ons Saligmaker. Die feit dat die kruis ewigheidswaarde dra, is die waarheid van God se genade self. Dit bevestig dat die tyd aanbeweeg, dat daar hoop in heling is bo trauma (Jones 2009:162).

Wanneer ons bid met die sekerheid dat God ons harte kan verander deur dit wat ons vra, dan is ons besig om die toekoms, die verlede en die hede aan te spreek. Wanneer ons vra na 'n hart van aanbidding, dan word daar gevra na 'n verhouding met God. Ons gebede is woorde van verwagting, omdat God na ons luister en ons ook antwoord. Belangrik om ook daarop te let dat die toekoms waarna ons vra, die verwagting wat ons het wanneer ons bid, reeds by God bestaan. Hierdie toekoms mag dalk vir verskeie trauma ervarings verskillend lyk, maar die hoop is daar dat lewe wel op 'n betekenisvolle en liefdevolle wyse kan voortgaan. Dit is deur gebed wat ons vra dat hierdie toekoms 'n werklikheid sal word. Gebed is ons deelname aan God se plan vir ons lewens, waarin Sy wil ons wil word (Anderson 1998:122-123).

2.8 Kritiese evaluering van hierdie benadering tot die belangrikheid van gebed vir vandag

Om heling te bring waar trauma die oorhand gekry het in 'n persoon se lewe, moet meer gedoen word as om net die trauma te beskryf. Die volle mens moet aangespreek word en dit beteken dat daar 'n openheid moet heers waarin die helende krag van genade beleef word.

Vir Calvyn is dit die aanvaarding van God se belofte dat Hy daar sal wees in ons diepste nood en transformasie sal bring aan elkeen wat voor Hom met hul klag kom staan. In plaas daarvan dat Calvyn die rede waarom trauma plaasvind probeer verduidelik, bied hy 'n konkrete voorstel vir die manier waarop trauma *hanteer kan* word aan.

Dit handel oor 'n gesamentlike patroon van 'n persoon se denke, optrede en gevoelens in die hantering van die kognitiewe uitdagings wat met trauma gepaard gaan. Hierdie voorstel vir die hantering van trauma kom dan vir Calvin in die vorm van gebed, omdat daar in diepe afhanklikheid voor die God van die ewige lewe gestaan word in die hoop en wete dat daar iets beter is as die realiteit van trauma (Jones 2009:52).

Calvin beskryf die uitroep na God verder ook as 'n bevestiging van die sekuriteit wat ons by God ervaar en dit is in die psalms wat ons sekere riglyne vind vir die manier waarop ons nie net gebed moet aanpak nie, maar ook wat ons moet sê wanneer ons bid. Jones (2009:53) noem dat opregte gebed voor God primêr vanuit 'n plek van nood afkomstig, en daarmee saam vanuit geloof in God se beloftes en voorsienigheid. Calvin noem pertinent dat ons nie ten volle transformeer kan word as ons nie met ons klag na God toe kom nie.

Hierdie klag kan as 'n "getuienis aksie" van gebed – wat gewoonlik ons diepste nood aanspreek – gesien word waarin die trauma van 'n sekere individu gehoor en beleef word. Die donkerte van die trauma word in die lig van God geplaas, sodat dit deel word van 'n storie van hoop en 'n toekoms waarin volle lewe moontlik is (Jones 2009:54). Trauma binne gebed dien dus as 'n bewuswording van God se grootheid, van Sy vermoë om nuut te maak daar waar gebrokenheid 'n werklikheid is.

Getuienis is die taal wat heling bring wanneer ons ons gedagtes tot God rig en Hom aanspreek in gebed. Dit is 'n getuienis wat die diepte van ons menslike struikelinge en klagtes aanraak en dit ontbloom ons voor God op so 'n manier dat ons ons afhanklikheid voor Hom beseef. Ons is te swak om as mense die swaarkry van die wêreld te hanteer. Elkeen se persoonlike storie van trauma word in gebed 'n werklikheid, want God bring reeds in die aksie van gebed ons tot by 'n punt waar ons die mate van ons eie swaarkry beseef en weet dat ons nie nodig het om dit wat die toekoms vir ons inhou te vrees nie. Christus het reeds aan die hele skepping die verlossing gebring (Jones 2009:54).

Ons is instrumente in die hande van God wat beteken dat Hy ons gebruik om Sy wil in hierdie wêreld te laat geskied en ons ook gebruik om geregtigheid te laat seëvier, sodat Hy as die een wat voorsien erken mag word (Wren 1998:190). Hoe meer daar in gesprek met God getree word en ons stories van trauma aan Hom vertel word deur gebed, hoe dieper en meer lewend word ons getuienis van Sy handeling in ons lewens.

Daar word 'n beter verstaan vir ons eie situasie daar gestel en die werklikheid van wie God is word al duideliker. God se belofte van hoop, nie net vir dit wat kom nie, maar vir dit wat reeds is, help om die gebrokenheid wat veroorsaak is deur trauma tot by 'n punt van herstel en moontlike aanvaarding te bring (Jones 2009:54-55).

2.9 Om saam te vat

Dit is na afloop van hierdie hoofstuk duidelik dat heling nie volledig kan plaasvind in trauma sonder gebed nie. Wanneer ons God nader in gebed, erken ons Hom as hoop bo ons omstandighede, as die Een wat betekenis aan 'n gebroke lewe kan gee. Meer as dit, staan ons as afhanklike mense voor Hom, omdat Hy die een is wat heling en genesing kan bring wanneer trauma dit onmoontlik gemaak het om verby die seer, afgestomdheid en selfs woede te kyk.

Die drie fases in die hantering van trauma (2.6.2) bevestig die relevansie van gebed daarin. Dit is in gebed dat ons vir God vra om in ons lewens betrokke te raak. Ons stel 'n vertikale werklikheid daar en kan vanuit ons horisontale werklikheid opkyk en meer sien as net dit wat voor ons is. Dit is 'n hoop wat dit vir elkeen moontlik maak om bo sy/haar omstandighede uit te reis en te lewe as 'n getransformeerde mens in Christus wat met hoop en betekenis lewe.

Dit bevestig dat gebed in die hantering van trauma 'n konkrete bewys daarvan is dat gebed steeds in ons huidige konteks relevant is en dat dit 'n *verskil maak en verandering bring* wat daarsonder nie moontlik sou wees nie.

Hoofstuk 3: KARL BARTH SE SIENING OOR GEBED

3.1 Inleiding

Karl Barth word gesien as een van die grootste Protestantse teoloë van die twintigste eeu. Hy het as 'n pastoor vroeg in sy lewe gedien en was verder ook deel van die *Confessing Church* in Duitsland wat teen die Nazi beweging van Adolf Hitler was. Hy was daardeur deel van 'n groep gelowiges wat probeer verhoed het dat die Nazi's die bestaande kerk van die tyd oorneem om sodoende daarvan 'n staat-instelling te maak. Van sy grootste werke was *The Epistle to the Romans* asook sy werk oor *Church Dogmatics* wat uit dertien volumes bestaan het. Alhoewel hy nog baie ander werke ook publiseer het, was dit hierdie twee werke wat die denkrigting van die teologie drasties verander het vanaf 'n negentiende-eeu se oriëntasie tot vooruitgang na 'n ortodoksie wat moes leer om met die realiteite van die twintigste-eeu saam te leef, veral in die tydperk na die Tweede Wêreld Oorlog (The Famous People 2015:1-2).

Barth is op 10 Mei 1886 gebore in Basel, Switzerland en hy het vanaf 1904 tot 1909 teologie studeer in Bern, Berlyn, Tübingen en Marburg. In 1911 begin hy as 'n predikant funksioneer in 'n gemeente, maar dit word egter kortgeknip in 1921 met die aanbreek van die Tweede Wêreld Oorlog waartydens baie van Barth se leermeesters 'n kontrak teken waarin hulle die planne van die Duitse Regering ondersteun. Dit was egter nie die laaste keer dat hy van 'n werk ontnem is a.g.v. die oorlog nie. In 1935 word hy as professor afgedank by die Universiteit van Bonn, omdat hy geweier het om 'n eed af te lê aan Hitler. Hy het egter van daar 'n pos as sistematiese teoloog by die Universiteit van Basel, Switzerland ingeneem (The Famous People 2015:2).

Dit is in sy tyd by die Universiteit van Basel wat hy met die insig van God as drie-enig vorendag kom. Vanuit hierdie gedagtegang van verhoudings wat tussen God as Vader, Seun en Heilige Gees bestaan, word Barth deel van 'n beweging om kerke van regoor die wêreld met mekaar te verenig. Hy is ook in 1947 teruggenooi na Bonn waartydens hy 'n reeks oor die Dogmatiek gepubliseer het (The Famous People 2015:3).

Alhoewel dit nie beskou word as een van Karl Barth se grootste bydraes nie, was sy navorsing en nuwe kennis oor gebed onmisbaar. Dit is teen die agtergrond van die God as drie-enig dat Barth sy teologie oor gebed dan skryf asook vanuit sy persoonlike ervarings met die lewende

God. Karl Barth sterf op 10 Desember 1968 in Basel op die ouderdom van 82. Sy invloed en bydrae tot ons verstaan en kennis oor die teologie is steeds vandag een van die grootste (The Famous People 2015:3).

Net soos Calvyn, verwys Barth na ons *afhanklikheid in Christus* wanneer ons bid - dat ons sonder Hom nooit in staat sou wees om in gesprek met God te tree nie. Weens die persoon van Christus kan ons vra en seker wees dat God na ons luister wanneer ons bid. Barth wys dan ook uit dat gebed nie net nederigheid voor God is nie, maar dat dit 'n vernedering en 'n afhanklikheid voor God is waarin ons strewe, amper smag, na die wil van God. Ons gebed moet daarom in ons daade sigbaar word en Barth noem dit die doen van teologie. Wanneer ons teologie doen dan erken ons God as die bemiddelaar van ons lewens en daarom getuig ons gebed ook van 'n diepe afhanklik van God – dat ons sonder Hom maar net stof sou wees sonder lewe.

3.2 Die teologiese aard van gebed

Barth word gesien as 'n unieke teoloog wanneer hy gebed aan die doen van teologie koppel. *Gebed is volgens hom die eerste en mees basiese stap in die doen van teologie*. Aangesien die taak van teologie 'n weerspieëling is van dit wat God aan ons openbaar, is dit ook iets van 'n wonder, van liefde en van aanbidding. Dit beteken dat alle teologie nie by gebed sal begin nie, maar wel deurtrek sal wees daarmee (Hesselink 2002:75-76). In die mees eenvoudigste sin, stel Hesselink die manier waarop Barth gebed verstaan as bloot '*om te vra*', wat stem uit Barth se dimensies van gebed soos belydenis en danksegging.

Gebed is egter tog dieper as net om te roep tot God. Dit is 'n beweging waarin God se aandag gesmag word en waarin herontdekking plaasvind en ons herinner word dat God ons Vader is en ons Sy kinders is. Dit is 'n uitroeping na God wat na vernuwning en verdieping van elke gelowige se verhouding met God vra (Hesselink 2002:78-79).

Gebed kan en mag nooit die onderwerp van teologiese werk wees nie, maar die houding of manier van gebed binne teologiese werk moet eerder die fokus wees. Wanneer gebed egter deur Barth beskou word as 'n onderwerp in teologiese studies, moet dit verstaan word in samewerking met die ware doel van alle teologiese studie, *die drie-enige God waarvan die Bybel getuig en wat leef in Sy kerk*. Dit is dus slegs wanneer gebed gesien word as 'n geskenk

en bevel van God dat dit as 'n toepaslike onderwerp van teologiese studies gesien word (Van Zyl 2013:8).

3.3 Die kenmerke van gebed

3.3.1 Die vrymoedigheid van die mens om God te *mag vra*

Barth verwys en bespreek gebed primêr in die konteks van etiek. Die vraag is dan nou op watter manier gebed sentraal is tot Christelike etiek? Die kort antwoord is dat God ons *beveel* om te bid, dat ons *vry is* om met Hom in gesprek te kan tree en op hierdie manier reageer op dit wat God reeds aan ons bekend kom maak het.

Die kern van gebed is dus die mens se vryheid voor God, Hy wat aan die mens toestemming gee om Hom in gebed *aan te spreek*. Dit maak van gebed 'n bevel, 'n oproep, waarsonder die mens nie kan nie, omdat dit juis hierin is wat ons die werklikheid van God se liefde en genade leer ken, leer leef en leer opsoek (Hesselink 2002:77-78).

Gebed maak ons oë oop om God raak te sien en te weet dat ons nie alleen is in ons lewenswandel nie, maar dat God saam met ons wandel en vra na gesprek en 'n verhouding tussen Hom en ons. Hy wil hê dat ons Sy liefde waarmee Hy die skepping gemaak het moet leer ken, want dit is dieselfde liefde waarmee Hy ons ken deur Sy Seun wat aan die kruis vir ons gesterf het. Ons is *vry* om hierdie verhouding met Hom op te soek en te respondeer op sy liefde en daarvolgens te handel.

Die hart van gebed is volgens Barth "*om te vra*", om God te vra om dit te doen wat ons nie by magte is om te kan doen nie, om ons dus te help om in die huidige werklikheid te leef alreeds in die realiteit van die genade.

3.3.1.1 Om te vra is 'n gemeenskaplike handeling

Barth beskryf hierdie '*om te vra*' as iets gemeenskaplik, om saam te staan en saam te vra met die hele mensdom en mekaar se verskille opsy te skuif en *te bid in die Naam van Jesus Christus*, die naam wat ons verenig met mekaar ten spyte van ons verskille. Vir Barth is daar dus geen verskil tussen persoonlike, publieke of gemeenskaplike gebed nie, omdat dit altyd die kerk is wat bid en ook bid en vra vir die hele mensdom.

Christelike gebed, ‘*waar ons almal vra*’, stel ons dus gelyk voor God en gebed is dus nie daar om kant te kies of een gedagte bo ’n ander te stel nie, maar dit is daar om te verenig, die “goeie” en die “slegte” mens. Met dit gesê, besef ons tydens gebed, dat daar nie iets bestaan soos ’n goeie of ’n slegte mens nie, want ons is almal sondaars voor God. Dit is slegs God wat ons kan red en kan heel maak deur Sy genade en nooi om Hom aan te roep in gebed (Van Zyl 2013:190-191).

3.3.1.2 Om te vra is om berou te toon en berus op dankbaarheid.

Hesselink meen dat vir Barth, gebed eerstens eintlik verstaan moet word as die handeling om eer aan God te bring (dankbaarheid). Dit is op ’n manier selfsugtig om te sê dat gebed begin deur eenvoudig eers vir God te vra, aangesien Hy die een is wat ons in staat stel om te bid en ons daarom uit dankbaarheid moet reageer.

Barth verstaan egter “om God te vra” in gebed, as ’n handeling van berou. Die mens wat homself/haarself verneder om sodoende God te verhewe vir wie Hy is, dat Hy alles is wat ons nodig het (Hesselink 2002:79). Hierin moet ons dus ons plek inneem as mens *voor God* en weet dat wanneer ons vra ons dit doen met God se wil as die fokus en nie ons eie wil nie.

Barth lê groot klem op Jesus se leringe aangaande gebed: “Vra en vir jou sal gegee word; soek en jy sal vind; klop en vir jou sal oopgemaak word. Dit is die tipe God wat ons aanbid volgens Barth, wat uit genade optree teenoor Sy kinders. Gebed is die mens se reaksie tot God se goedheid en genade in Jesus Christus, maar meer as dit is dit ’n uitbeelding van gehoorsaamheid en nederigheid voor God omdat ons glo in Hom en Hom juis nader met ons hele lewe. Sonder hierdie geloof sal ons nooit in staat wees om waarlik te kan bid en al ons lewensomstandighede voor sy voete kom neersit nie (Hesselink 2002:81-83).

3.3.2 Die vrymoedigheid van die mens om *God* te mag vra

Wanneer ons bid, bid ons nie tot God daar bo in die hemel nie, maar tot *God met ons*. Ons bid tot ’n spesifieke God en dit is deur gebed wat ons die hart van hierdie spesifieke God leer ken. Hy wil hê dat ons Hom moet ken sodat ons ook onself, ons eie wese kan ken, in lyn met die wil wat God vir ons lewens het.

Hy het deur Jesus Christus Homself kom verenig met die mens. Hy het mens kom word en daardeur die inisiatief geneem om een te word met ons en daardeur “*ons God*” te word, sodat ons Hom mag ken en mag weet dat Hy ons menslikheid verstaan en dat Hy ons lyding ken. Wanneer ons bid spreek ons tot *God met ons*, Hy wat die inisiatief geneem het en ons wat daarop reageer. Barth noem dat dit nooit God se bedoeling was om die mens te vernietig nie, maar eerder om die mens na die lig toe te bring, en dit is deur gebed dat die mens iets van hierdie lig ervaar (Van Zyl 2013:27-28).

Die ervaring van hierdie lig is die duidelikste sigbaar in ons donkerste tye, omdat dit dan is wat ons besef hoe afhanklik ons van God af is. Hy is die Een wat aan ons alles skenk waarvoor ons dankbaar kan wees op dieselfde manier as wat Hy aan ons die moontlikheid bied om met Hom in gesprek te tree.

Wanneer ons bid, geskied dit ook op verskillende maniere, maar dit bly steeds ‘n *gesprek met God*, ‘n stilword voor God ongeag van die konteks. Dit is slegs die woorde en gevoelens wat verander, omdat God ons harte kom aanraak daar waar ons onself bevind, hetsy dit in nood of in voorspoed is (Van Zyl 2013:35).

Gebed is dus die wyse om dit wat God reeds daar gestel het vir ons deur Jesus Christus, te leer ken en die genade ook raak te sien in ons lewens. Gebed word daardeur die vrymoedige manier waarop ons na *God* toe gaan, waarin ons vir Hom vra om vir ons krag te gee daar waar ons tekort kom en nie self die krag het om die uitdagings van die wêreld te oorkom nie.

3.3.2.1 Hierdie *God luister en beantwoord* ons uitroepe

Wanneer ons van gebed praat as ‘n handeling moet ons iets verstaan van *die antwoord* op ons gebed. Dit is hier belangrik om te weet dat God ons gebede beantwoord. Jesus Christus, soos wat Calvyn sê, *luister* en dat dit op hierdie sekerheid is wat ons “gebed-handeling” rus. Dit gaan dus oor ‘n innerlike sekerheid, ‘n hoop as te ware, dat God ons situasie kan verander en dat ons met ‘n vaste vertrouwe leef dat ‘n liefdevolle God ons gebede aanhoor.

Hy luister, nie omdat ons mooi woorde spreek nie, maar omdat ons kies *om met Hom in gesprek te tree en weet dat Hy ons gebede sal beantwoord* (Barth 2002:13). Dit is as't ware om "deur geloof te lewe en nie net deur die sigbare nie" soos wat 2 Korintiërs 5:7 vir ons leer.

Om met God in gesprek te tree is verder ook 'n manier om danksegging te bewys. 'n *Dankbaarheid* vir dit wat God reeds gedoen het en steeds in ons lewens doen. Wanneer ons nie bid nie, beteken dit dus dat ons nie dankbaar is teenoor God nie en gewoon ons lewe volgens eie wysheid en insig leef.

Waar die genade van God sigbaar word, daar is God se antwoord op ons gebede die duidelikste sigbaar. Die dankbaarheid waarmee ons reageer in ons gebed spruit dus uit die genade van God in ons lewens, en dit is a.g.v. die Heilige Gees dat ons as sondige mense in staat is om te kan reageer (Barth 2002:16). Dit is dan a.g.v. Jesus Christus dat God ons gebede kan beantwoord al is ons nie waardig daarvan nie.

Gebed is nie 'n handeling wat vanuit onself kom nie, dit is genade, omdat dit God is wat ons in staat stel om met Hom in gesprek te kan tree. Ons kan ook nie net terugsit en dink dat die Heilige Gees namens ons bid nie, want om te bid is om te glo en wanneer ons nie self bid nie glo ons nie. Maar meer as dit, as ons nie self bid nie dan smag ons nie daarna om die Here se gedagtes in ons lewens toe te laat nie. As ons bid vertrou ons en is ons seker dat God se wil ons werke vul, ons laat die Heilige Gees toe om te werk in ons lewens en daarom kan ons gedagtes en ons harte nie aan die slaap wees nie (Barth 2002:19-20).

Ware gebed is wanneer ons bid en seker is dat *ons gehoor* word. Die vraag is hier dus nie of God ons gebede beantwoord nie, maar of ons bid met die wete dat Hy wel doen. Barth noem ook dat geen ware gebed woordloos kan wees nie. Selfs stilgebed vra na 'n sekere dissipline. Die vorming van ons gedagtes en woorde wanneer ons bid is altyd op die spel en vereis 'n sekere verantwoordelikheid deur gehoorsaamheid.

As ons nie weet wat om te sê wanneer ons bid nie is die *Onse Vader* gebed daar as riglyn om ons te lei daarin (Hesselink 2002:89-90). Die *Onse Vader* is 'n goeie voorbeeld van 'n gebed waarin God die fokus is en ook die fokus bly. Waarin daar primêr uitgeroep word, nie omdat ons behoeftes bevredig moet word nie – alhoewel dit deel is daarvan – maar sodat God se heerlikheid ook deel kan word van ons lewens.

Om tot God te roep in gebed is altyd in die vorm van gehoorsaamheid aan en geloof in God. Dit beteken dat as kinders van God moet ons Hom voortdurend dank vir die offer van Sy Seun sodat ons as vrye mense mag lewe. Barth spreek kritiek uit teenoor diegene wat gebed as 'n vorm van self-help, as 'n reinmakingsproses waarin hulle met God praat soos wat hulle met enige ander persoon sou praat. God is egter nie net nog 'n persoon nie, Hy is Skepper en Redder van die Skepping, die Groot Koning waarvan Psalm 47 praat (Hesselink 2002:80-81).

3.3.2.2 Hierdie *God onderrig* ons tydens gebed

Wanneer ons bid vra ons vir God om ons te onderrig in Sy wet en in die nakoming van dit wat Hy vir ons lewens wil hê, sodat ons daardeur gelei mag word tot dieper geloof en selfs 'n nuutmaking van ons geloof. Gebed beteken dat ons onself voor God bring, en ons leë arms na Hom toe uitstrek met die hoop dat ons sal ontvang van Hom wat reeds Homself aan ons gebring het deur die Woord. God alleen kan ons help in tye van nood, en die manier waarop ons Hom vra om ons te help is deur gebed (Barth 2002:11).

3.3.3 Die *vrymoedigheid* van die mens om God te mag vra

Gebed is vir Barth 'n handeling van vryheid voor God, en behalwe hiervoor is gebed ook nodig, omdat ons swak is en hulp nodig het bo onself en seën nodig het wat net deur God aan ons voorsien kan word. Omdat God die een is wat alles van ons af weet en die enigste een is wat kan voorsien in ons diepste nood, sal enige poging van ons kant af om Sy wil te probeer beïnvloed onvanpas wees. Ons bid dus omdat ons na God se wil smag en die vryheid wat daardeur gevind word (Migliore 2002:96-97).

Migliore wys vir ons verder Barth se verstaan van die vrymoedigheid van die “mag vra” van die gebed wat ook as 'n *petisie* beskryf kan word. Hierdeur onderstreep Barth dat ons met leë hande na God toe kom wanneer ons bid, met 'n vryheid om God te nader en te weet dat Hy na ons luister. Die mens se reaksie op God wat ons in staat stel om te bid is bloot om Hom aan te roep in alle omstandighede, goed of sleg. Dit is hierin wat ons hoop vind wanneer ons bid, dat ons God kan aanroep op enige stadium en dat Hy reeds reageer het deur Christus se verlossing en op ons aanroeping voordat ons Hom nader in gebed (Migliore 2002:98-99).

In gebed is ons verbondsvenote in die werk van God, omdat ons daardeur op 'n spesifieke manier leef, glo en Sy Woord verkondig. Ons gebed is die “ja” op God se oproep om saam met Hom te leef in hierdie wêreld, sodat wanneer ons praat Hy sal luister en antwoord. Ons word dus deur gebed uitgenooi deur God om deel te neem aan Sy werke en daardeur deel te wees van Sy gemeenskap (Barth 2002:20-21).

Ons sien God se werke in die skepping deur gebed en Sy handeling word daarin aan ons bekend gemaak. Wanneer ons in gebed tree weet ons reeds iets van wie God is, Sy karakter. Ons kom na Hom toe sodat Sy werking – wat reeds plaasvind – sy volheid kan bereik in ons lewens. Omdat God se naam reeds heilig is wanneer ons in gebed tree, het ons rede om te bid en te volhard in hierdie hoop wat Hy bring (Barth 2002:32-33). Ons bid omdat ons weet dat God na ons luister; omdat ons weet dat Hy aan ons geluk bring; en omdat ons aan elkeen wat nie glo nie, die ware geloof wil bekend maak en wil wys dat God betrokke is in ons lewens (Barth 2002:34).

Wanneer Jesus Christus bid, dan bid Hy vir die hele mensdom en wanneer ons dan saam met Hom bid, dan bid ons ook saam met Hom vir die hele mensdom. *Ons word uitgenooi en geroep om te bid en het daarom die vryheid om na Christus toe te kom* (Barth 2002:23).

In Christus het God ons doel met Sy doel verenig en daardeur vra God vir ons om Hom te vertrou met al ons “bagasie”. Sonder God sou daar nie 'n mensdom kon wees nie, en daarom beveel hy ons om te bid sodat ons dit mag weet en beleef. Dit is egter belangrik om te weet dat alhoewel ons primêr geskape is vir God en om Sy naam te verheerlik, kan ons ook ons eie sake na God toe bring sonder dat dit afwyk van God se doel (Barth 2002:28-29).

In gebed bring God vir ons die vryheid wat hy vir ons verwerf het. Ware vryheid is om te bid tot die God wat aan ons vryheid kom bied het en in ons gebed vra ons dat die Heilige Gees ons sal lei om in hierdie vryheid te lewe. Hiermee saam bewys ons ons dank aan God deurdat ons juis bid ten spyte daarvan dat ons weet dat Hy reeds ons petisies gehoor en beantwoord het.

Ware geloof is om te bid sê Van Zyl (2013:4) en ek kan nie anders as om met hom saam te stem nie. Wanneer ons bid dan aanvaar ons ons afhanklikheid van God. Dan glo ons in meer as net ons lewe hier op aarde, want ons glo in verandering bo dit wat ons op aarde beleef en

hierdie verandering kan slegs kom van iets buite die skepping. Iets wat reeds binne ons realiteit bestaan, kan nie “nuut maak” nie, want dit is reeds deel van dit wat bestaan. Dit moet dus iets buite ons realiteit wees wat die verandering teweeg moet bring. Dit is geloof in God vir dit wat Hy reeds gedoen het en steeds doen met die wete dat Hy verandering gebring het en steeds kan bring. Daarom kan ons steeds vandag met vrymoedigheid bid en weet dat God luister en dat Hy verandering kan bring in ons huidige bestaan.

3.4 Om saam te vat

Om te vra in gebed is vir Barth iets meer as net 'n blote uitroep. Dit is 'n smag na God se teenwoordigheid in ons lewens omdat Hy die Vader is wat voorsien, wat in 'n verhouding met ons wil staan sodat ons daardeur getransformeer mag word. In hoofstuk 3 is daar gewys dat gebed vir Barth drie primêre kenmerke behels, naamlik *om te mag vra*, om vir *God* te mag vra en die *vrymoedigheid* om vir God te mag vra. Dit behels 'n diepe vertrouwe en sekerheid in wie God as Vader, Seun en Heilige Gees is.

Gebed is dus vir Barth 'n soeke na God se ingrype en 'n hoop dat Hy nuut sal maak daar waar ongeregtigheid en swaarkry aan die orde van die dag is. Dit is 'n soeke na 'n transformasie wat slegs deur God teweeg gebring kan word, wat die werklikheid van hierdie lewe nie betree nie, maar te bowe gaan.

In hoofstuk 4 gaan die transformatiewe aard van gebed meer in diepte bespreek word aan die hand van die werklikheid van God se koninkryk nie net in die toekoms nie, maar reeds vandag deurdat Hy met ons handel en Sy wil aan ons bekend maak sodat Sy wil ook ons wil mag word en ons Hom mag aanspreek as ons Vader.

Hoofstuk 4: BARTH EN DIE TRANSFORMATIEWE AARD VAN GEBED VIR VANDAG

4.1 Inleiding

In die teologie van Barth is daar 'n verwagting dat die mens hom- of haarself in die teenwoordigheid van die goddelike tydens gebed bevind. Hierdie verwagting word 'n werklikheid wanneer ons beseft dat die Here ons hoor wanneer ons bid nie op grond van enige iets wat ons gedoen het nie, maar op grond van Sy groot genade wat Hy aan ons bewys deur die Heilige Gees wat in ons leef en handel, en ons kom deel maak van die trinitariese lewe van God. Daardeur is gebed nie net 'n aksie van hoop nie, maar 'n aksie waarin die Heilige Gees ons lei sodat ons deur God getransformeer mag word (Cocksworth 2015:132).

Ons kan nie bid sonder om op een of ander manier daardeur verander te word nie, want wanneer ons bid dan is die Heilige Gees teenwoordig, besig om ons begeertes voor God te bring. Gebed is egter nie bedoel om enige verskil in God se handeling met ons teweeg te bring nie, maar vervul die funksie van “om in te lig”. Om die een wat tot die Here bid in te lig en daardeur te transformeer. Hierdie transformasie is 'n realiteit, nie net in die lewens van die gelowiges wat ons voorgegaan het nie, maar ook in die lewe van elkeen wat steeds vandag die Here aanspreek in gebed (Cocksworth 2015:132-133).

4.2 Gebed as transformatiewe realiteit

God is die een wat betrokke is by en in ons wêreld deur gebed. Die Een waarop ons kan vertrou wanneer ons uitroep en vra na iets beter as wat ons huidiglik beleef. Ons moet die handeling en ingrype van God verwag en weet dat dit ons bring tot 'n ander manier van lewe waarin die koninkryk van God nou reeds 'n werklikheid word en waarin Sy groot krag sigbaar is en beleef word. Om die aard van gebed beter te kan verstaan as 'n transformatiewe realiteit, is dit nodig om hierdie konsepte meer in diepte te bespreek.

4.2.1 Om te bid is om die handeling en ingrype van God te verwag

Barth spreek verder die onderwerp van *gebed aan in die konteks van etiek*, deur te verwys na Romeine 12. Dit gaan in die gedeelte oor hoop en vir Barth is hierdie hoop 'n toekomstige hoop.

Christelike hoop verbly in die kennis van die handeling van God in die toekoms. Om te bid is om te handel en hierdie hoop 'n werklikheid te maak reeds in ons huidige werklikheid. Om te bid is daarom 'n etiese aksie.

Niks in ons gebed maak dit noodwendig eties nie, maar ons handeling deur gebed is een waarin ons die handeling van God verwag. Dit is om moreel op te tree omdat ons die werklikheid van God se hoop reeds vandag en elke dag verwag (Van Zyl 2013:159).

4.2.2 Die *werklikheid* van God se koninkryk in gebed

Ons buig voor God neer, omdat ons Sy verlossing in ons lewens wil ervaar, en daardeur erken ons dan ook dat Sy koninkryk reeds nou hier is en in sy volheid weer gaan kom. Daarom moet ons bid met die wete dat God se koninkryk reeds nou teenwoordig is in ons lewens, sodat ons dit mag beleef en uit kan sien na die verlossing wat sal seëvier.

Ons oriënteer onself tot die toekoms en kan om hierdie rede sê dat ons bid sodat dit wat die koninkryk van God vir ons onsigbaar maak, weggeneem kan word. Ons kan nou reeds die koninkryk van God in ons lewens sien, en seker wees daarvan dat dit eendag ten volle vir ons sigbaar sal wees (Barth 2002:36-38).

In ons gebede bring ons al ons sorg na God toe sodat Hy vir ons kan sorg. Die dinge waarop ons hoop, sodat Hy dit aan ons sal voorsien volgens Sy wil. Ons bring ons sondes na Hom toe dat Hy dit kan vergewe en ook ons gedagtes en begeertes, sodat Hy dit kan reinig.

Ons lê ons hele lewe voor God neer, sodat ons saam met Hom kan opstaan en kan deel in die ewige lewe. Ons vra God om ons te lei en te onderrig deur Sy Gees, omdat ons dit nie self kan doen nie. Ons bring aan die Here alles wat ons hinder om Hom na te volg in gebed omdat Sy verlossing aan die kruis vir ons as Christene elke dag 'n realiteit is (Barth 2002:70-73).

Dit is Jesus Christus wat die brug vir ons bou om onself in gebed te kan aanspreek en ook God as Vader daardeur te herken. Hy wat voorsien deur Sy Seun en ons broers en susters maak van Sy koninkryk. Ons word saam met Christus aan die regterhand van God geplaas en daarom moet ons leef en handel soos kinders van God. Dit is in gebed wat ons saam met

Christus bid tot God en deel is van hierdie “kindskap”. Dit is duidelik vanuit die Onse Vader gebed waar Jesus God se kinders onderrig in gebed en deel maak van Sy gebed. Dit is eenheid tot God, om met een mond en een siel Hom te aanbid (Barth 2002:22-23).

4.2.3 Gebed maak die *krag* van God ’n werklikheid

Die belangrikheid van gebed en dit wat dit skei van ander belangrike aspekte in ’n gelowige se lewe, lê nie in die krag nie, maar eerder in die swakheid daarvan. Dit sien ons veral wanneer Barth praat van gebed as petisie voor God. Dit wys die menslike swakheid uit, want die krag van gebed lê daarin dat ons niks anders kan doen as om vir die Here te vra om dit vir ons te gee wat ons nie het nie. Ons lewer ’n petisie voor God, maar terselfdetyd dank ons Hom vir dit wat ons reeds van Hom af ontvang het (Van Zyl 2013:4).

Ons staan in ons swakheid voor God – dat ons nie in ons eie behoeftes kan voorsien nie – sodat God se krag sigbaar mag word deurdat Hy voorsien in ons behoeftes. Dit is dan hierdeur wat die krag van gebed juis in die swakheid daarvan lê. In ons menslike swakheid voor God deur gebed, word ons nader gebring aan die krag van God.

Die krag van gebed lê juis dan daarin dat die een wat bid sy/haar swakheid erken en daardeur vra ons dus vir God, om ons “onvoltooidheid”, ons swakheid, te kom “voltooi”. Vir Barth kom gebed altyd vanuit ’n plek van petisie. Om met leë hande voor God te staan en te weet dat God enige vraag, enige antwoord, verwag (Van Zyl 2013:4-5).

Net soos by Barth, lig Stamps (1998:146-150) ook die aksie van gebed uit as ’n begeerte na die wil van God. Gesamentlike gebed maak die Woord van God ’n werklikheid in elkeen wat dit aanhoor se harte en dit herbevestig vertrouwe in wie God is en in die hoop wat Hy bring. Daarom mag ons ’n teksgedeelte vanuit die Skrif aan haal wanneer ons bid, omdat dit ons as gelowiges bind en die Woord van God vir ons waar maak nie net in dit wat ons doen nie, maar ook in ons harte, wie ons is.

John Chrysostom het eens geskrywe dat iemand wat nie bid nie, optree soos ’n vis sonder water. Soos wat die vis afhanklik is van water om te kan lewe, is ons gesprek met God deur gebed ook dit waarvan ons afhanklik is om te kan lewe. Gesamentlike gebed is belangrik, omdat dit elke individu in stand hou in hul soeke na die diepte van God se liefde en dit bring

die nederigheid van elke individu op die voorgrond omdat daar 'n besef is van Geestelike eenheid voor God. Hierin kom gehoorsaamheid na vore deurdat klem op liefde en 'n regte verhouding met God en met mekaar gelê word. Dit is ons belydenis dat ons krag ook in ons liefde vir mekaar leef. Dit is ook 'n vertroue in wie God is en dat Sy wil sal seëvier in elke biddende mens se lewe (Stamps 1998:143-145).

Vir Barth is om nie te bid nie, ongeloof en rebellie teen God, omdat gebed juis geloof in God en gehoorsaamheid aan God impliseer. Ons het geen verskoning om nie te bid nie. Selfs wanneer ons nie weet wat om te bid nie, is Jesus se leringe daar, is die Onse Vader daar om ons te lei in ons gebed. Daardeur leer ken ons Jesus se leringe en navolging van God en is ons ook besig om Hom na te volg in ons gebed (Van Zyl 2013:192).

4.3 Die funksie van gebed: God se wil word ons wil

4.3.1 Gebed lei ons na God se wil

Barth maak dit duidelik dat wanneer ons bid, ons opsoek is na God se leiding in ons lewens. Dat ons besef hoe afhanklik ons, as blote mense in 'n gebroke wêreld, van Hom af is. Dit maak van gebed iets noodsaaklik, waarsonder daar nie geleef kan word nie, omdat dit in die aksie van gebed is waar ons werklik vir God ontmoet as die een wat ons situasie verstaan en wat ons liefhet bo ons foute (Barth 2002:10).

Barth praat van God as die Een wat altyd ons gebede beantwoord, maar hiermee saam moet daar ook gelet word daarop dat God dit doen volgens Sy eie goedheid en doel en tot Sy eie glorie. Hierdeur doen God eintlik baie meer as wat ons vra of ooit kan indink, omdat Hy die een is wat ons ken en nie net luister na wat ons vra nie, maar ook so reageer dat ons sonder enige twyfel gelaat word. Wanneer God ons gebede hoor dan transformeer Hy ons in die sin dat Sy wil geskied in Sy reaksie op ons gebede. Dit is iets van die manier waarop God handel in gebed waarna Barth ook hier verwys (Hesselink 2002:83-84).

Wanneer ons van God praat as die een wat ons gebede beantwoord, is ons bedoeling nie om dit te laat klink dat God minder magtig is as wat ons dink nie. Hy is juis meer magtig as gevolg daarvan, Hy wat die oorwinning deur Jesus Christus behaal het. Ons sien dit reeds vroeër waar gepraat is oor God se krag wat juis in ons swakheid die duidelikste sigbaar word.

Wanneer God ons gebede verhoor, is dit nie net omdat Hy na ons luister nie, maar omdat Hy God as Vader, Seun en Heilige Gees is. Die God wat ons situasie verstaan en genade teenoor ons bewys omdat Sy woord vlees geword het (Barth 2002:14-15).

Dit is belangrik om herinner te word daaraan dat wanneer ons bid, God se wil geskied en dat ons na Sy doel in die uitvoering daarvan vra. Ons gebede is dus 'n oproep dat God se wil sal geskied, dat ons na Sy vrede in ons lewens soek. Dit is God wat regeer en niemand anders nie. Ons bid sodat ons saam met Hom kan regeer, as dienaars van Hom saam met Christus (Barth 2002:41-43).

Dit is egter nie so maklik nie, want as mense is dit nie altyd moontlik om ten volle onself aan God te wy nie, ons vind dit moeilik om anders te lewe as in die vrye genade van Christus alleen. Ons kla in ons gebede, omdat ons ons eie belange na vore bring en van God vra om dit te beïnvloed. Ons handig egter hierdie “klagtes” in die vorm van ons hele bestaan aan God oor (Barth 2002:45-46).

Ek dink hier spesifiek aan Barth se verstaan oor die frase “gee ons vandag ons daaglikse brood” in die Onse Vader gebed. Hier word daar gevra dat die Here sal voorsien in dit wat ons nodig het, niks meer of niks minder nie, en deel van God se reaksie daarop is ons reaksie op dit wat ons vra (Barth 2002:49). Ons kan nie net terugsit en verwag dat die Here gaan voorsien omdat ons dit van Hom vra nie, daar is ook 'n verantwoordelikheid van ons kant af om ons deel te doen in die voorsiening deur die manier waarop ons in die lewe handel. Ons moet goed werk, omdat God ons in staat stel om dit te kan doen en daardeur reageer Hy op ons roepstem en voorsien in ons behoeftes, ons daaglikse brood. Barth (2002:50) noem ook op hierdie punt dat ons gebede ook die plek van ons angs inneem, omdat ons werk vanuit ons gebed geskied en nie vanuit 'n plek van bekommernis nie. Ons vertrou in die voorsiening van God wanneer ons bid en daarom ook wanneer ons werk. Dit gaan gepaard met 'n sekere manier van optrede en 'n dankbaarheid teenoor God vir Sy voorsienigheid reeds wanneer ons dit vra in gebed.

4.3.2 Gebed nooi ons om deur Christus se voorbeeld te bid

Wanneer daar na die teologie van Barth en gebed gekyk word, is dit duidelik dat daar groot fokus geplaas word op God se opdrag aan die mens op 'n lewe te lei waarin God aangeroep

word. Daarom staan die Onse Vader gebed sentraal in Barth se hantering van gebed aangesien dit 'n aanroeping is tot God deur Jesus self. Dit is boonop die voorbeeld waarvolgens God ons aanspoor om te bid. Dit is 'n gebed wat wys dat ons moet bid, waarvoor ons moet bid en hoe ons moet bid. Daardeur ontdek ons wie God ook vir ons is en kan ons daardeur ons eie gebed tot 'n soortgelyke vryheid bring (McKim 2002:116-117).

Wanneer ons sê dat ons om vergifnis vra vir ons oortredinge in ons gebed, dan vra ons vir God om die verkeerde dinge in ons lewens weg te neem, sodat ons fokus op Hom kan wees – Sy naam moet verheerlik word in ons lewens. As ons nie om vergifnis vra nie, laat ons toe dat die sonde ons lewens meer en meer beïnvloed, want dit is a.g.v. God se vergifnis dat ons in gesprek met Hom tree oor ons sonde. Ons sekerheid in gebed is nie dat ons vra nie, maar God se reaksie op ons gebed. Daarom sluit ons ons gebede met “Amen” omdat ons vertrou in die reaksie van God bo dit wat ons voel en ervaar (Barth 2002:64-66).

Nog verdere bevestiging dat God ons gebede hoor is dat ons saam met Christus bid wanneer ons bid a.g.v. die genade wat Hy met ons deur Sy verlossing kom deel. Ons bid dus nie op ons eie nie, maar saam met Christus deur Sy Gees wat in ons leef. Met dit gesê, is dit ook belangrik om te let daarop dat omdat ons saam met Christus bid, is ons gebed by sy kern daardeur 'n gemeenskaplike handeling. Ons weet deur die Woord dat alle gelowiges een is in Christus en daarom is selfs ons individuele gebede, gemeenskaplik. Gebed is dus nie net primêr tot ons eie geloof in God nie, maar ook in die geloof van die Christendom in geheel. Dit is vanuit gebed wat elke Christen se werke geskied, wat Christelike handeling plaasvind (Migliore 2002:99-101).

4.3.3 God se wil word ons wil deur gebed

Ek moet saamstem met Barth wanneer Hy sê dat gebed 'n invloed het op die manier waarop God optree en ook met ons handel. Ons is Sy kinders en daarmee word bedoel dat ons ook saam met Hom deel het aan Sy Koninkryk en aan die verlossing wat Hy vir elkeen wat in Hom glo kom behaal het. Hy laat Homself toe om deur ons aangeraak te word en daardeur is ons Sy vennote wat weer oorvloei in ons eie lewens en die manier waarop ons aanbid (Hesselink 2002:85). Dit beteken egter nie dat ons as mens God se wil kan verander nie, maar bloot dat ons wil Sy wil word, die wil wat van die begin af daar was vir ons lewens.

Ons mag dalk die vraag vir onself afvra “as God ons behoeftes reeds ken voordat ons bid, hoe kan ons gebed dan enige verskil maak?” Hoekom moet ons bid en smeek, as ons gebed in elk geval nie ’n invloed het op dit wat God reeds vir ons beplan nie? Wanneer ons so oor die saak dink, wil gebed vir ons waardeloos lyk, en volgens Calvin verstaan ons dit dan heeltewel verkeerd. Alhoewel dit waar is dat God ons beveel om te bid, sodat geregtigheid mag seëvier in ons eie lewens en ook in die lewe om ons, word die glorie aan God gebring deur ons gebed. Wanneer ons bid moet ons dit egter sien as ’n gesamentlike aksie waarin God se glorie en ons voordeel een is (Kelsay 1989:172). Dit is vir ons tot voordeel om Hom te dien, omdat dit nie net God verheerlik nie, maar omdat dit ons geloof versterk sodat ons God ook in ons eie lewens duideliker kan raaksien en beleef.

Die gedagte van gebed as petisie voor God, begin daar waar die mens se vermoëns ophou. Waar daar uitgeroep word na God, omdat Hy die onbekende ken en daar geen einde is aan menslike moontlikhede wanneer dit God is wat deur ons werk nie (Van Zyl 2013:61). Verder, wanneer ons sê dat ons glo, beteken dit dat ons God ken. Ons besef wie Hy is en erken dat ons afhanklik is van Hom vir ons hele lewe. Ons kry hierdie gedagte ook by Calvin se verstaan van gebed. Dit is deur hierdie geloof wat ons God ook in gebed nader, wat ons Hom nie net ken nie, maar dieper leer ken omdat ons konstant in gesprek is met Hom en daardeur ons verhouding en kennis oor God verdiep (Van Zyl 2013:84).

4.4 Die aard van die gesprek tussen ons en God?

4.4.1 Dit is God wat spreek en handel in gebed

Alhoewel ons vir mekaar kan bid, kan ons slegs tot God bid vir mekaar. Hy is die een wat aan ons heling en herstel bied wanneer ons om hulp roep. In gebed staan ons voor God met ons begeertes, gedagtes en ellendes, omdat ons saam met Hom lewe. Om te lewe beteken niks anders as om saam met God te lewe nie (Barth 2002:12).

Geloof in God is leeg sonder gebed, omdat dit deur gebed is dat ons ons afhanklikheid voor Hom besef. Wat ons besef dat daar dinge is wat ons nie verstaan nie en dat dit net die belofte van God deur Christus is wat aan ons hierdie geheimenisse kan bekend maak. Hierdeur kan ons sê dat geloof sonder gebed leeg is op dieselfde manier as wat lewe sonder asemhaling dood is (Barth 2002:15).

Wanneer ons in gesprek tree met God, *is dit beide 'n handeling waarin ons ons menslike swakheid besef en 'n handeling waarin ons God se redding beleef*. Daarom kan gebed ook nie net 'n handeling wees waarin ons verskillende frases of mompeling herhaal nie. Dit is 'n handeling van meegevoel waarin dit wat uit ons monde uitkom nie saak maak nie, maar eerder dit wat in ons harte leef wanneer ons bid. As ons nie vanuit die hart uit bid nie, kan ons dit maar los om te bid, want as gebed nie 'n hartsaak is nie, is dit nie gebed nie (Barth 2002:19). Dit beteken dat ons moet bid in 'n taal wat vir ons betekenis het, die taal waarin ons die duidelikste met die Here kan praat sonder enige hindernis, want dit is dan wanneer ons uit die hart uit begin praat.

4.4.2 Die getrouheid van gebed deur Sy vergifnis

Wat Barth se dissipline van gebed aanbetref, stem ek saam in die sin dat daar sekere tye uiteengesit moet word vir sekere gebede om te geskied, hetsy dit voor etes is en of dit voordat die dag begin en wanneer die dag eindig is. Dit mag dalk klink asof ons 'n rigiede wet navolg, maar die gedagte hieragter is dat ons konstant in gesprek met God moet wees deur 'n daaglikse orde van gebed te handhaaf. Ek dink wel dat daar afgewyk kan word van so 'n "roetine" in die sin dat ons sekere gebeure nie vooruit kan insien nie. Wanneer ons met uitdagings gekonfronteer word is dit nodig om meer gereeld in gesprek met God te tree en te weet dat Hy dan ook na ons luister (Migliore 2002:102). Hierin kom ons afhanklikheid voor God tydens gebed weereens op die voorgrond.

In ons benadering tot God in gebed as mense wat in afhanklikheid van Hom leef, kom God se genade en liefde deur Sy vergifnis op 'n primêre wyse na vore in ons gebed. Wanneer ons bid wys ons aan God ons dankbaarheid, omdat Hy die een is wat voorsien. Ons weet dat Hy na ons luister a.g.v. hierdie genade en liefde wat Hy reeds vir ons aan die kruis kom bewys het en steeds bewys. Wanneer ons dan hierdie vergifnis van God ervaar, stel dit ons ook in staat om ander te vergewe en so ook in die wêreld op 'n spesifieke manier te leef en te reageer. Dit is 'n bewys van die noodsaaklikheid van gebed vir ons oorlewing. Dit is belangrik om op hierdie punt dit duidelik te maak dat God se vergifnis nie eers daar is wanneer ons daarna vra in gebed nie, dit is reeds daar voordat ons Hom in gebed nader. Dit is vanuit hierdie vergifnis dat God ons in staat stel om te bid, om met Hom in gesprek te tree (Barth 2002:54-56).

4.4.3 God neem eerste inisiatief

Alhoewel ons as mense bid, is dit God wat die inisiatief neem en 'n gesprek moontlik maak. Hierin kom die werk van die Heilige Gees na vore, want dit is deur die Gees wat God ons in staat stel om met Hom in gesprek te tree.

Dit is deur die Gees wat ons sekerheid het in die toekoms, dat God na ons luister wanneer ons tot Hom bid, en dat Sy wil ons wil is. Die Here kom versterk ons Gees deur gebed, nie omdat ons deur die Heilige Gees tot Hom bid nie, maar omdat ons besef dat ons nie sonder God kan oorleef in ons menslike stand nie, ons erken dat ons Sy redding in ons lewens nodig het. Hy is ons toekoms en ons hoop (Barth 2002:57-60).

Ons kom in gebed voor God as mense wat nie waardig is van Sy teenwoordigheid in ons lewens nie. Hy het nederig kom word sodat ons saam met Hom opgehef kon word en daardeur Sy groot krag aan ons kom wys en Sy versorging aan ons bekend kom maak. Dit is in gebed wat ons God dan dank dat hy Sy Seun, Jesus Christus, aan ons kom gee het sodat ons nie verlore gaan nie, maar in vryheid – wat afhanklikheid van God impliseer – kan lewe. Dit alles het te doen met God se genade en Sy liefde vir ons (Barth 2002:68-69).

Barth wys verder vir ons daarop dat veral ons publieke gebede bondig moet wees en dat dit beter is om spesifieke tye te hê wanneer daar gebid word, omdat dit ons sal aanspoor om gereeld te bid. Tog sê hy ook dat gebed moet geskied vanuit 'n *spontane gehoorsaamheid*, dit moet nie geforseerd of meganies voel nie, want dit is nie ware gebed nie.

Ware gebed kom vanuit die hart met die sekerheid dat God luister wanneer gebid word. Hoekom moet dit vanuit die hart geskied? Omdat God dit wat op ons hart is – die opregtheid daarvan – Sy eie maak deur Jesus Christus (Hesselink 2002:90-93).

God moet in ons gebed benader word as die bron van ons vryheid a.g.v. Sy groot genade en nie primêr as die God wat ons vrees nie. Ons moet Hom vrees, maar in die sin dat ons nie sonder Hom kan oorleef nie, ons is afhanklik van Sy teenwoordigheid en invloed in ons lewens (Migliore 2002:107).

Dit is dan met hierdie “*vryheid voor God*” in gedagte dat Barth uitkom by ons klag voor God as deel van ons gebed. In hierdie opsig sal dit sekerlik die beste wees om die verhaal van Job as voorbeeld te neem. Alhoewel Job se klagtes en worstelinge met God nie as gebede ooit omskryf word nie, word God se wil en sy Woord daardeur aan Job bekend gemaak. Dit is deur sy klag en struikeling met God wat Job die betekenis van ware vryheid voor God besef. Alles word van hom af weggeneem en al wat oorbly is sy hoop in die Here, sy ware vryheid voor God wat ’n ten volle afhanklikheid van God impliseer (Migliore 2002:110).

4.4.4 Ons spreek God aan in gebed as Vader, Seun, Heilige Gees wat ons rig tot die wêreld

’n Volgende aspek waarna gekyk moet word is die manier waarop God aangespreek word wanneer ons bid, omdat dit iets sê van ons verhouding met Hom. As ons na gebede oor die algemeen in die Bybel kyk, word God hoofsaaklik as Vader aangespreek. Dit is ook die geval wanneer ons na die Onse Vader gebed kyk. Die algemene verstaan vanuit die Ou- en Nuwe Testament is dat God letterlik Vader is van Sy kinders. Daar word wel sterker klem daarop gelê in die Nuwe Testament dat God as Vader aangespreek word bloot a.g.v. Jesus Christus, Sy Seun. En omdat God die Vader van Jesus is, is Hy ook ons Vader en kan ons Hom so aanspreek in ons gebed. In en deur Jesus Christus het ons die vryheid ontvang om opnuut weer God se kinders genoem te word en daarom ook die vryheid om Hom te nader in gebed (McKim 2002:118-119).

Wanneer ons God as ons Vader aanspreek is dit egter nie op ’n individuele vlak nie, Hy is Vader vir elkeen wat in Hom glo, die wat voor ons was en die wat na ons gaan kom. Daarom spreek ons Hom aan as Vader op ’n gesamentlike vlak, Vader oor elkeen wat Hom aanroep as hul Vader (McKim 2002:120). Hoekom roep ons Hom aan? Omdat Hy God is en Sy wil die boosheid van die mensdom te bowe gaan. Daarom moet ons ook in ons gebede vra dat Sy Koninkryk sal kom sodat dit reeds ’n realiteit in ons lewens vandag sal word met die wete dat God met ons is en dat Hy na ons luister. Ons gebede moet ons aanspoor om nie net met ons woorde God aan te spreek nie, maar ook deur ons dade Sy Naam te eer omdat Hy ons in staat stel om dit te kan doen (McKim 2002:125-129).

Die gedagte wat Barth na vore bring van gebed wat tot dade moet oorgaan is een wat ek ook deel. Om, net soos Jesus self, vir ander te bid en ’n lewe van navolging te lei. Hierdeur is

gebed meer as woorde, gebed is ook ons hele lewe en wanneer ons dit besef dan kan ons nie anders as om in konstante gesprek, konstante aanroeping met God te leef nie.

Wanneer ons gebed in ons daade reflekteer word, is dit God wat deur ons leef, deur ons werk en deur ons antwoorde, hoop en sekerheid bring wat ook ander aanspoor om anders te leef in 'n gebroke wêreld (McKim 2002:130-131).

4.4.5 Die hart van ons aanspraak maak 'n appel op die totale lewe

Hoekom aanvaar Barth gebed as primêr 'n aksie van petisie as ons alles wat ons nodig het ontvang deur die genade wat God aan ons bewys? Moet gebed nie in hierdie sin primêr gesien word dan as 'n aksie van danksegging nie? Alhoewel daar verskeie aspekte binne gebed bestaan, noem Barth dat hierdie aspekte vanuit die hart van gebed, wat petisie is, moet geskied. Gebed is primêr petisie omdat dit daarin is wat ons vrye en dankbare gehoorsaamheid tot God na vore kom, waarin ons niks vir God bring, gee, bied, bereik of bewys nie, maar alles vir God vra. Wanneer ons God nader in gebed met al ons versoeke, dan benader ons Hom in werklikheid met leë hande. Ons bring net onself voor Hom met die hoop dat Hy aan ons alles sal gee wat ons nodig het (Van Zyl 2013:161).

Barth noem dat Christelike etiek in die lewende woord en werk van God gevind word, en dat dit sekere mense in die hier en nou aanspreek. Dus vind Christelike etiek altyd plaas in ons persoonlike reaksie op God se woord en werk. Barth se etiek is egter nie realisties oor die omvang en kompleksiteit van morele dilemmas nie sowel as die morele onsekerheid wat met hierdie dilemmas gepaard gaan.

Op 'n manier is dit waar, omdat Barth nie in detail die omstandighede beskryf waarin die bevel van God gehoor en nagekom kan word nie. Barth se etiek word egter nie nie-geaffekteer deur omstandighede nie, maar hy het dit juis gedoen sodat sy etiek nie losstaan van die veranderende tye en kontekste nie. Barth se klem op die bevel van God wat 'n spesifieke persoon aanspreek in sy of haar konteks, en aan daardie persoon 'n gevoel van sekerheid gee in 'n spesifieke tyd of plek, maak van Barth se etiek iets baie konkreet (Van Zyl 2013:172-173).

Volgens Barth kan ons nie teologie doen sonder om die politiek daarby kan in te sluit nie. Daar is egter teoloë wat hierdie gedagte verder vat en sê dat teologie ook nie die ekonomie, die sielkundige, sosiale wetenskappe of ander wetenskappe kan vermy nie (Van Zyl 2013:182). Teologie moet dus in alle fasette van die lewe betrokke wees en sy stem laat hoor.

Met dit gesê, kan ons dink aan gebed ook op hierdie manier. Wanneer ons bid, is ons besig met teologie, ons is besig om te reageer op die Woord van God. Op hierdie manier kan ons dus sê dat wanneer ons bid, dit nie net by die kerk moet wees of daar waar ons oor en met God primêr in gesprek tree nie, ons gebed moet ook tydens swak ekonomiese omstandighede, sielkundige swaarkry en met wetenskaplike uitdaging relevant gemaak word. Ons vra vir God om betrokke te raak in ons omstandighede deur gebed, om verandering te bring en om Sy wil te laat geskied bo ons eie. Gebed maak dus teologie 'n werklikheid in die verskillende fasette en kontekste van die lewe, en bou ons tot eenheid in Christus.

Die manier waarop die vroeë kerk geweier het om tot die keiser te bid, omdat Jesus Christus hulle Heer is, maar tog steeds vir die keiser gebed het, was vir Barth iets inspirerend. Die kerk kan dus saam bid vir die staat ook en op so 'n manier dit dien (Van Zyl 2013:189-190). Gebed is daarom ook iets van 'n politiese aksie, want om vir die sake van iemand of iets anders te bid, is om aan die sake ook deel te neem en te volhard daarin. Dit is om deel te word van iets met die wete dat God die uitweg daarin sal bied en dat Hy Sy vingerafdruk daardeur sigbaar sal maak en deur ons sigbaar sal maak.

Gebed is menslike handeling, en volgens Barth is dit ook 'n baie eenvoudige handeling wat deur almal uitgevoer kan word. Dit is eenvoudig gestel, om die geskenk wat God aan jou gegee het te aanvaar. Wanneer ons bloot in gebed vir God te vra om ons te help, glo ons die evangelie en kom ons God se wet na (Van Zyl 2013:249). Meer as dit is gebed wel nie net 'n geskenk wat God vir ons gee nie, dit moet ook aanvaar word deur die mens. Ons erken deur gebed ons menslike ongeloof en ons onvermoë om gehoorsaam te wees aan Hom. Sy genade kom verander dit egter tot ware geloof en gehoorsaamheid, omdat ons glo in Jesus Christus en Sy betrokkenheid in ons lewens (Van Zyl 2013:250). Wat belangrik is om op te let vanuit hoofstuk 2 is dat gebed aan ons gegee is deur God. Ons is deur gebed vry om God aan te spreek en dat Hy die een is wat eerste inisiatief geneem het, sodat ons ook inisiatief kan neem. Dit is die hart van dit waaroor gebed gaan vir Barth.

4.5 Om saam te vat

Ons het in hierdie hoofstuk gesien dat gebed in hoop gedoen word met die verwagting dat God in die toekoms sal handel. Hierdie toekomstige handeling is egter nie net 'n toekomstige realiteit nie, maar is reeds 'n werklikheid vandag deur die transformiewe aard van gebed. Daardeur stel God ons in staat om Sy koninkryk reeds vandag te ervaar op weg na die volheid daarvan in die toekoms. Hy openbaar Sy wil aan ons en kom ontmoet ons in die realiteit van die lewe sodat ons wil Sy wil mag wees.

Daarom moet ons nie huiwer om Hom aan te spreek nie, want ons is afhanklik van Sy liefde en genade en die vergifnis wat Hy aan ons daardeur bring. Ons spreek Hom in Sy volheid as Vader, Seun en Heilige Gees aan sodat ons ook in ons volheid getransformeer mag word. Dit bevestig dat gebed steeds relevant is vir vandag en 'n *verskil maak* in die manier waarop ons handel omdat dit God is wat eerste handel deur gebed.

Hoofstuk 5: DIE LITURGIESE EN ETIESE HANDELING TYDENS GEBED

5.1 Inleiding

Fink verwys na gebed op twee verskillende vlakke, 'n stil vlak en 'n passie-gedrewe vlak. Die *stil vlak* moet verstaan word, as ons wat in gebed na God luister, waar ons vra dat Sy liefde die lig op ons pad sal wees. Ons leer ken Hom en Sy liefde ook deur en in gebed en ons harte ook op die manier oorloop van dieselfde liefde. Dit is dan wanneer *die passie-gedrewe vlak* van gebed na vore kom, waar ons dit wat ons tydens gebed beleef nie net vir onself hou nie, maar ook gaan uitleef. Waar ons die genade van God wat Hy aan ons bewys ook met ander deel (Fink 1998:130-131).

Verder praat Fink van gebed en aksie as uniek binne die Christelike lewe en dat dit in sommige gevalle in teenstryd is met mekaar. Volgens hom is ons aandag en fokus tydens gebed ten volle op God, maar tydens aksie is dit op die aksie self of die persoon aan wie die aksie gerig word. Ons energie en ons hart word dus geëis op verskillende maniere. Op hierdie punt wil ek klem lê op ons aanroeping tydens gebed. Tydens hierdie aanroeping is daar 'n soeke na God se hart en daarom is transformasie van ons eie harte nodig. Ons vra dat God ons harte moet kom aanraak en moet kom transformeer sodat die hart waarmee ons Hom in gebed nader dieselfde hart sal wees waardeur ons aksies plaasvind. Hierdeur word ons energie en ons harte geëis deur God en Hom alleen, omdat ons aandag en fokus tydens gebed en tydens ons aksies aan Hom gerig is. Net soos wat ons Hom betree in gebed betree ons Hom ook in ons aksies, opsoek na Sy leiding en openbaring daarin. Dit is dan wanneer ons van die *Christelike lewe as 'n lewe van aktiewe gebed en biddende aksie kan praat* (Fink 1998:128).

5.2 Gebed as liturgiese handeling

Gebed is een van die primêre maniere waarin ons nader in 'n verhouding met Christus groei. Stamps reken dat gebed nie net beperk kan word tot sekere tye van die dag nie – anders as Barth – maar dat dit 'n Christen se hele lewe moet uitmaak. Volgens hom is dit die enigste manier waarop dit wat in ons harte leef ook deur die manier waarop ons uiterlik leef sigbaar sal word. 'n Lewe gevul met God se liefde is 'n lewe van gebed (Stamps 1998:141). Dit is deur hierdie liefde wat daar transformasie plaasvind in ons harte en daarom ook in die manier

waarop ons lewe. Ons leer ken God se liefde vir ons en begin leef na Sy beeld wat deur Christus deur ons daar gestel word.

5.2.1 Die sentraliteit van Christus en geloof in die handeling van gebed

Calvyn wys vir ons daarop dat geloof in God sonder verwysing na Christus eintlik ons geloof vernietig. Sonder verwysing na Christus sal ons gebed nutteloos wees, omdat ons juis met God in gesprek kan tree a.g.v. Christus. Ons glo en daarom bid ons, en ons bid vanuit die Heilige Gees wat in ons leef deur die Seun, Jesus Christus, tot by God, ons Vader. Ons is dus deur ons gebed deel van die drie-enige sirkel van liefde (Taljaard 2011:525).

Don Saliers noem Christus se lewe 'n lewe van *aktiewe gebed en biddende aksie*. Jesus het 'n lewe gelei waarin Hy Homself gereeld afgesonder het van die res van die mense om te gaan stil word by God (in gebed), maar aan die ander kant het Hy ook wonders gedoen, mense onderrig, gepreek en bloot net die normale dinge van die lewe gedoen. Saliers wys dus dat alreeds in Jesus Christus is dat die liturgiese en etiese handeling by gebed saamhang.

Wanneer ons na Jesus se lewe kyk wil dit tog lyk asof dit 'n lewe is wat uitgaan vanaf gebed. Elke keer wanneer Hy antwoorde soek, wanneer Hy moeg is en krag soek, dan gaan word Hy stil by God se voete om leiding te vra en krag te kry. Daardeur word Sy afhanklikheid van God op die voorgrond gestel en kan ons Hom beide ons Redder en ons Leidsman in die lewe noem. Hy stel die voorbeeld vir elke Christen van wat dit beteken om 'n lewe te lei van aktiewe gebed, 'n lewe in gemeenskap met God en daardeur ook Sy wil (Fink 1998:127-128).

Wanneer ons bid is dit met die sekerheid dat God ons harte sal verander deur dit wat ons vra, dat Hy transformasie sal laat plaasvind in ons harte, dan is ons besig om die toekoms, die verlede en die hede aan te spreek. Wanneer ons vra na 'n hart van aanbidding, dan vra ons na 'n verhouding met God wat ook ons verhouding met ander informeer en transformeer. Ons gebede is woorde van verwagting, dat ons nooit weer dieselfde sal wees nie, omdat God na ons luister en ons ook antwoord. Belangrik om hier te let daarop dat die toekoms waarna ons vra, die verwagting wat ons het wanneer ons bid, reeds by God bestaan, en deur gebed vra ons dat hierdie toekoms 'n werklikheid sal word. Gebed is dus ons deelname aan God se wil vir ons lewens (Anderson 1998:122-123).

5.2.2 Gebed is die wyse waarop ons begeertes in lyn gebring word met die wil van God

Soos wat geloof die reaksie is op die evangelie, word ons harte, a.g.v. hierdie geloof, gebring tot die handeling van gebed. Dit is dus ons geloof in God wat ons dwing (op 'n goeie manier) tot 'n punt waar ons uitroep na Hom. Belangrik om hier te onthou is dat ons altyd seker moet wees van dit wat ons vra wanneer ons bid, en dat ons dit doen met 'n dankbare en opregte hart. Daarom moet ons versigtig omgaan met herhaalde gebede en sorg dat dit nie net leë woorde is wat ons spreek nie (Calvyn 1973:452-455).

Alhoewel ons die Here uit dankbaarheid – vir wie Hy is – nader in gebed, ontstaan ons gebed verskeie kere vanuit 'n plek van begeerte. Hier is dit weereens belangrik dat ons begeertes nie vanuit onself uit kom nie, maar vanuit God se wil vir ons lewens. Ons kan seker wees dat ons begeertes na God se wil soek wanneer ons onself draai tot God in ons gebed (Calvyn 1973:456).

Anderson argumenteer dat die deelname aan die liturgie meer is as kuns, musiek maak, of as 'n daad van self-uitdrukking. Dit is ook 'n daad van pastorale sorg in tye van nood en geluk en liturgie bied daardeur 'n diepte aan ons lewe wat andersins nie daar sou wees nie. Dit vorm deel van die danksegging, lofprysing en belydenis van God in die liturgie. Dit is die moment waar ons lewe gedraai word na God en dit geleef word in die teenwoordigheid van God.

Op dieselfde manier kan daar ook oor gebed nagedink word binne die liturgie. Gebed is meer as net woorde is, maar 'n gesprek met die lewende God. Dit is nie net 'n daad van self-uitdrukking is nie, maar ook 'n gemeenskaplike daad wat binne sy uniekheid ook algemeen en herkenbaar is binne die Christelike geloof. Met ander woorde elke gelowige se gebed is uniek, maar in hierdie uniekheid vorm dit deel van die norm en dit wat ons vorm as Christene (Anderson 1998:112-113).

Alhoewel God die een is wat ons in staat stel om te kan bid, het ons reeds uit die bogenoemde gesien dat Hy ook 'n sekere handeling en deelname van ons vereis in gebed. Hy ons wil deelmaak van wie Hy is deur gebed en ons tot op 'n punt bring waar ons ons afhanklikheid voor Hom nie net besef nie, maar ook bely en leef. Gebed word die ruimte waar ons harte en denke aangeraak en getransformeer word, waar ons begeertes ondersoek word in die lig van Sy liefde. Immink (2016:1) noem dat menslike betrokkenheid in gebed, voortspruit uit die

handeling deur die Gees wat in ons leef wat ons rig tot God en mekaar. Dit is hierdie Gees wat ons aanraak tydens gebed en waar ons begeertes in lyn met die wil van God se liefde en genade gebring word.

5.3 Gebed as etiese handeling

Gebed word in die Heidelbergse Kategismus onder die tema van etiek behandel. Ons die verwysing na gebed as 'n etiese handeling onder vraag en antwoord 116 tot 123 van die Heidelbergse Kategismus. Ons kry hier die gedagte van God *wat ons geloof in stand hou*. God vernuwe ons geloof elke oggend en omdat dit elke dag nuut is moet ons ook in konstante gesprek met Hom bly deur gebed (Van Zyl 2013:132). Dit is hierdie geloof wat ons op 'n daaglikse basis in die wêreld uitleef.

Die Heidelbergse Kategismus noem dat gebed moet plaasvind vanuit 'n *plek van dankbaarheid* teenoor God a.g.v. Sy groot genade deur die Heilige Gees wat in ons leef. Dit raak beide die teologie van Barth en Calvyn aan, maar neig meer na Barth se siening van gebed waar die dankbaarheid gaan oor 'n gevolg van gebed eerder as 'n aparte gebed op sy eie. Meer as dit wys die Heidelbergse Kategismus vir ons dat ons maar *mag vra*, solank as wat ons dit doen met die vertroue dat God Homself in ons lewens sal openbaar deur Sy Woord.

Ons vra verder dat ons die nood van ander om ons sal raaksien in gebed en nie net sal fokus op ons eie begeertes nie. God wil dat ons 'n gemeenskap van gelowiges moet wees en dat ons Hom saam as ons Vader sal aanspreek in ons gebed, omdat ons sy kinders is en Hy die een is wat na ons sal omsien. Die liefde van Christus het dit vir ons elkeen 'n werklikheid kom maak en dit vir ons moontlik kom maak om Hom aan te spreek, veral in tye van verdrukking. Hy is ons Vader, want Hy voorsien deur Sy liefde en genade waarmee Hy ons in staat stel om Hom te nader.

Ons liturgiese handeling tydens gebed open egter die verstaan dat dit ons handeling, lewe en dade eties rig. Dit impliseer dat as ons die Here erken as die Heilige en Hom so aanbid en eer, dat ons daarom sal handel in geregtigheid, sodat Sy koninkryk nou reeds sigbaar sal wees in ons daaglikse handeling – eerlikheid, liefde, genade, regverdigheid, gehoorsaamheid – en

so 'n werklikheid kan word vir die toekoms waarin dit ten volle vervul sal word. Dit moet ons doen sodat God, wat reeds in die skepping is, sigbaar sal word in alles en almal.

Vir beide Barth en Calvyn is dit belangrik om te beseef dat gebed nie vanuit 'n plek van nood afkomstig is nie, alhoewel dit deel vorm van die rede waarom ons God nader in gebed. Gebed is primêr afkomstig vanuit die feit dat al ons gebede alreeds gehoor en beantwoord is in Jesus Christus. Gebed kom dus nie primêr vanuit 'n plek van nood waarin ons ons diepste behoeftes na God toe bring nie, maar eerder vanuit 'n stand waarin ons beseef dat dit wat ons het deur genade aan ons gegee is (Van Zyl 2013:172).

Met dit gesê mag die vraag “hoekom dan nog bid?” 'n meer relevante vraag word. Hoekom kan ons nie maar net dankbaar wees vir dit wat Christus reeds vir ons kom doen het nie? Die rede is dat God ons beveel om steeds opnuut te vra, want God se genade is nuut elke dag. Dit spreek tot die persoonlik, kollektiewe en politiese kontekste en vra dat ons vanuit die gebedslewe sal optree en handel in die werklikheid van vandag.

Die versoening tussen die mense en God deur Christus is nie voltooi of afgehandel nie, maar dit gaan voort tot die dag toe wat dit vervul word deur die eskatologiese hoop wat God vir ons nou reeds daar stel. Dit maak van ons verhouding met God nie net 'n “doen soos ek sê” verhouding nie, maar 'n persoonlike verhouding waarin ons gevorm en getransformeer word. Die versoening van Christus roep ons op om na God uit te roep, om na Hom te roep in ons diepste nood en te weet dat Hy na ons luister, omdat alles reeds aan ons gegee is in Christus, nuutgemaak elke dag (Van Zyl 2013:172).

5.4 Handelinge van die mens tydens gebed

5.4.1 Ons spreek *God* aan in gebed

Dit is belangrik om te onthou dat wanneer ons God aanspreek, ons Hom op Sy naam aanspreek. Alhoewel Hy deur verskillende name aangespreek word, bly dit wie Hy is vir elkeen wat Hom ken. Ons spreek Hom aan as die God bo ons verstand, maar terselfdertyd ook die God met ons, tussen ons, in ons, as die God wat aan ons bekend is. Hy is ver verhewe bo die aardse dinge, maar tog het hy minder kom word en Sy groot liefde en genade aan ons kom

bewys. Daarom, alhoewel Hy God is en ons mens is, Hy in die hemel is en ons op aarde, kan ons Hom aanspreek op Sy naam, omdat Hy met ons in 'n verhouding staan (Immink 2016:6).

Oor die eeue heen is daar baie name aan God toegeken a.g.v. wie Hy is as Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is dan ook die manier waarop ons Hom aanspreek in ons gebed, wie Hy deur ons gebed as God drie-enig is maak dat ons Hom op 'n spesifieke manier aanspreek. Ons beleef Hom as Vader wanneer ons omstandighede moeilik raak, Hy wat die versorger is en ons spreek Hom ook so aan in ons gebed – Vader, Voorsiener, Versorger, Redder, Bevryder en dalk selfs Regeerder.

Om tot God te bid is vir Immink (2016:1) 'n weerspieëling van God se krag. Ons kan nie bid sonder om aan Sy krag te dink of daaroor te praat nie. Ons spreek 'n God aan wat oor alle krag en kennis beskik. Wanneer ons God aanspreek, het ons ook 'n 'gevoel' vir God deur die Heilige Gees in ons wat beteken dat ons God reeds kan ken al dink ons nie dat ons Hom enigsins alreeds ken nie – Hy ken ons en daarom kan ons Hom ook ken.

5.4.2 *Ons* spreek Hom aan uit dankbaarheid

Ons het reeds by Calvyn gehoor dat ons in gebed die betroubare Vader aanspreek as die Een wat ons goedgesind is. Ons doen dit omdat ons dankbaar is teenoor die Vader dat ons Hom mag aanspreek. Vir Barth spreek ons God aan omdat ons beseft dat ons nie sonder Hom kan nie. Lewe sou nie vir ons nie moontlik gewees het sonder Hom nie. Hy bevestig dus ons afhanklikheid van God en wys ons reaksie daarop uit deur soos Calvyn klem te lê op dankbaarheid. Ons is afhanklik teenoor God om in ons begeertes te voorsien en ons is dankbaar omdat Hy luister en wel voorsien.

Wanneer ons bid, vra ons vir God om aan ons die onmoontlike geskenk te gee van geloof in dit wat ons nie kan glo nie en gehoorsaamheid aan die bevel wat ons nie kan gehoorsaam nie, nie deur ons eie krag nie, maar deur die krag van Jesus Christus (die Heilige Gees) aan ons gegee deur Sy opstanding. In ons gebed ontbloot ons onself voor God en ons vind onself van aangesig tot aangesig met wie God is en ons onvermoë om Hom te gehoorsaam, omdat ons klein van geloof is. Ons is daardeur a.g.v. God in nood en Hy is die enigste een wat heling kan bring in ons nood (Van Zyl 2013:235). Van Zyl (2013:246) sê dat ons bid omdat ons seker is daarvan dat God ons gebede antwoord. Dit is die beginpunt van gebed.

Die geskenk wat ons van God af ontvang is versoening en 'n nuwe lewe en die evangelies moedig elkeen wat hierdie geskenk ontvang het aan om te reageer. Ons is vergewe a.g.v. God se liefde en daarom kan ons ook liefhê, en omdat ons kan liefhê kan ons nie anders as om dankbaarheid aan die Here te betoon deur ons gebed en lewe nie. Ook die transformasie van ons harte wanneer God se liefde ons lewens kom vul is tweevoudig. Eerstens is daar die besef dat ons sondige mense is en dat ons nie bevry kan word van die sonde sonder God se hulp en inmenging in ons lewens nie. Ons staan as nederige mense voor God en daaruit vloei die tweede gedeelte. Ons kan voor God staan en seker wees dat Hy na ons gebrokenheid luister en dat Hy ons vrese sal wegneem en in geluk sal verander. Daarom kan ons nie anders as om met dankbaarheid te reageer op die grootheid van God nie (Taljaard 2011:527).

5.5 Ons ontvang tydens gebed

Vir Calvin vind hierdie 'ontvang' in gebed plaas deur geestelike versorging in die sin dat die Heilige Gees ons lei in die besluite wat ons neem sowel as in die woorde wat ons spreek wanneer ons bid. Barth lig die vryheid waarmee ons God betree uit. Wanneer ons bid, doen ons dit omdat Jesus alreeds vir ons gebid het en omdat Hy steeds vir ons bid deur die Gees. Dit is dus nie ons gebed wat ons geloof in stand hou nie, maar Jesus se gebed vir ons. Net soos wat ons geloof het a.g.v. Jesus Christus, kan ons met God in gesprek tree a.g.v. Jesus Christus. Wanneer ons bid, bid ons daarom saam met Jesus, ons gebede word deel van Jesus se gebed vir ons. Ons kom vraend en soekend na God toe in gebed en deur dit is ons gehoorsaam aan God. Dit is 'n antwoord en 'n reaksie tot die geregtigheid en geheiligde Woord van God. Dit is 'n ware aksie van hoop waarin daar ten volle, nie net geglo word nie, maar ook vertrou word op God (Van Zyl 2013:142).

Wanneer ons sê dat ons die God van die geskiedenis ook nader in ons gebed, kan ons nie anders as om te dink aan Calvin se stelling dat God se liefde aan ons bewys word deur dit wat Christus in die geskiedenis kom doen het om die verhouding tussen Hom en die wêreld te verander nie. Ons bid met hierdie hoop, dat Christus ons so lief gehad het dat Hy verandering kom bring het deur die kruis. Daardeur het God ook Sy wil aan ons kom bekend maak, Hy wat ons aanneem in liefde deur Sy Woord en Gees. Daarom kan ons nie anders as om seker te wees dat God na ons luister nie. Hy het deur Christus Sy liefde vir ons kom wys, Christus as

die bron van alle goed kom bekend maak. Ons reaksie is geloof in Hom deur gehoorsaamheid in gebed voor Hom (Taljaard 2011:523).

Die mens bid met die wete dat hulle in nood is, maar ook met die wete dat God in staat is in hierdie nood te voorsien. Barth reken egter anders as Calvyn wanneer hy sê dat gebed nie vir ons is nie, maar ook nie vir God is nie. **Barth sien gebed as 'n eenvoudige handeling deur iemand wat gehoorsaam is en reageer op die Woord van God.** Gebed maak die mens nederig, omdat dit met leë hande is wat ons voor God staan en dit is ook in teenstelling met God se handeling in gebed – Hy wat voorsien (Kelsay 1989:178). Weereens sien ons hoe die wonder van God se liefde vir elkeen daar is wat op hul knie voor Hom gaan en weet dat Hy luister wanneer ons Hom aanroep. Ons ervaar Sy aanraking deur Sy liefde en genade wat 'n werklikheid word in ons lewens (Taljaard 2011:529).

5.5.1 Ons ontvang met dankbaarheid vanuit ons nood

Elke persoon se nood word op die voorgrond geplaas wanneer daar in gebed getree word en God word deur gebed vertrou met hierdie nood, omdat Hy altyd in beheer is van ons lewens. Dit is deur hierdie persoonlike verhouding, wanneer daar diep goed gedeel word wat die hart raak, dat verandering kom. Dit is hierdie verandering waarmee elkeen hoopvol God in gebed nader (Immink 2016:2). Hierin kom die verskille gedagtes tussen Barth en Calvyn se aangaande gebed en dankbaarheid weer op die voorgrond.

Die siening van *gebede van dankbaarheid en lofprijsing* wat sentraal staan in ons gesprek met God volgens Calvyn teenoor die gedagte van Barth wat reken dat *danksegging en lofprijsing* nie as tipes gebede gesien moet word nie, maar bloot deel is van die diepe betekenis van ware gebed. Alhoewel hulle van mekaar verskil, is dit die reaksie van dankbaarheid wat hier die transformerende rol speel. Hierdie dankbaarheid spoor ons aan nie net om God aan te spreek nie maar ook anders te leef. Verder moet gebed gesien word as God wat met die mensdom gespreek het en daardeur die uitnodiging vir die mens daar gestel het om deel te word van Sy verbond. Wanneer ons dus van ware gebed praat, is dit gebed wat 'n reaksie is op die verbond van God en vorm aanneem in meer as net woorde, maar in die lewe self (Kelsay 1989:178-179).

Daar bestaan die gevaar dat God Homself nie openbaar in die teologie nie, dat ons woorde leeg is sonder enige inhoud en betekenis. Ons kan dit slegs oorkom deur teologie te doen en die enigste manier waarop ons dit kan doen is deur gebed en die leiding van die Heilige Gees. Ons moet God vra om ons harte aan te raak sodat Hy aan ons openbaar kan word deur die woorde wat ons spreek tydens ons gebed. Teologie word dus nie net vergesel deur gebed nie en dit is ook nie net die begin punt of eind punt van die teologie nie, maar alle teologiese werk is gebed. Teologie kan slegs genoegsaam gedoen word deur die aksie van gebed, omdat dit deur gebed is wat ons vir God vra om Homself aan ons te openbaar deur Sy Woord (Van Zyl 2013:95).

5.6 Ons respondeer in gebed

5.6.1 Om gehoorsaam te wees

Calvyn wys vir ons uit dat ons binne die verskillende vorme van God se werk, Hom in en deur onself ervaar. God kom leef in ons wanneer ons tot Hom bid en daardeur straal ons Sy teenwoordigheid dan in ons lewens uit (Immink 2016:4). In gebed nader ons die Here, omdat ons reeds glo en hierdie geloof nie net iets geestelik is nie, maar ons hele wese aanraak. Die liefde en genade van God dring deur in ons hele bestaan en die realiteite van die lewe rondom ons (Taljaard 2011:522).

Vir Barth word die realiteit van die Woord van God gevind in Jesus Christus en nie in die geskrewe teks van die Bybel nie. Die Bybel is slegs die Woord van God, omdat dit na Jesus Christus toe wegwys. Wanneer ons bid dat God se Woord aan ons geopenbaar mag word in ons konteks, is dit die lewende Woord van Christus wat aan ons bekend gemaak word (Van Zyl 2013:113). Op hierdie manier reageer ons met toewyding aan God se Woord en met gehoorsaamheid aan Sy beloftes. Inteendeel verduidelik Wolterstorff (2015:128) dat een van die maniere waarop God met ons as te ware spreek deur Sy Woord is. 'n Ander manier is deur ons persoonlike maar ook gemeenskaplike getuienis van dit wat God in ons lewens gedoen het – daar waar Sy liefde en genade sigbaar was in ons lewens. Met hierdie wete van God wat met ons praat, kan ons terugkom by die belangrikheid van gehoorsaamheid in gebed.

Die belangrikheid van gebed vind ons in Calvyn se “nuwe houding” konsep waarin gehoorsaamheid slegs moontlik is, omdat God ons vry gemaak het deur Christus. Die enigste

manier waarop die mens hierdie vryheid kan ervaar is deur geloof en die geskenk van geloof kan slegs ontvang word in ons stilword by God – in gebed. Tydens gebed vra ons vir God om na ons behoeftes en begeertes te luister, en ons kan niks in hierdie lewe ontvang sonder God se genade nie en ons gebed is die erkenning daarvan (Kelsay 1989:171). Dus wanneer ons nie bid nie, ontken ons God se genade en voorsienigheid in ons lewens.

5.6.2 Om toegewyd te wees

Wanneer ons sê dat ons God nader in gebed omdat ons reeds glo, gaan ons gebed uit vanuit die sekerheid van ons geloof: die belofte van Christus. Ons glo a.g.v. die geskenk wat God vir ons gebring het en wanneer ons bid word dit vir ons 'n werklikheid in ons gedagtes en ook in ons harte en word ons deel van die liggaam van Christus. Ons reaksie kan nie anders wees as 'n reaksie van dankbaarheid teenoor God nie. Met dit gesê moet ons gebed ook uit dankbaarheid geskied omdat dit ons reaksie is op wie God was, is en in die toekoms vir ons sal wees. Hy stel ons in staat om te reageer en verander te word deur Sy liefde en genade vir ons (Taljaard 2011:524).

Ons Gees word versterk deur gebed, ons “nuwe houding” van gehoorsaamheid vloei voort vanuit gebed en daardeur word die belofte van God 'n werklikheid in ons lewens. Ons beantwoorde gebede is volgens Calvyn steeds in lyn met die wil van God, en wanneer ons sê dat ons vir onself bid in die sin dat ons God se teenwoordigheid in ons lewens erken, dan is gebed as petisie die vorm wat aangeneem word in die doen daarvan. Wanneer ons bid herken ons God wat uit liefde uit aan ons voorsien en antwoord ons daarop deur 'n gebed van dankbaarheid en lofprijsing in toewyding aan Hom (Kelsay 1989:172-173).

5.7 Gevolgtrekking – die verband tussen liturgie en etiek

Die mens is gemaak om God te dien en Sy Naam te verhewe deur hul lewe op aarde, maar dit skep egter die probleem dat mense bloot die nodigste doen in hul gehoorsaamheid aan God. Dit laat die spanning tussen die gevalle mensdom en die geregtigheid van God na vore kom wat slegs deur die genade van God herstel of reggestel kan word. Gebed kan gesien word as 'n aksie uit gehoorsaamheid aan God. Dit is of God wat ons beveel om gehoorsaam te wees, omdat Hy die Skepper en Regeerder van die wêreld is of gebed kan gesien word as die manier

waarop ons aan God teruggee wat Hom toekom, omdat Hy die een is wat ons harte vry maak (Kelsay 1989:170).

Tydens gebed beleef ons die vryheid wat daar by God is, dat Hy aan ons toestemming gee om Hom te nader en omdat Hy vir ons dit gee, is dit 'n bevel en daarom ook 'n noodsaaklikheid in ons elkeen se lewe. Hierdie vryheid is nie net 'n vryheid in die sin dat ons God mag aanspreek nie, maar ook dat Hy ons mag aanspreek en Sy wil aan ons sal openbaar of bekend maak daardeur. Daarom is dit belangrik om die Woord ook as riglyn te gebruik vir ons gebede, want daardeur openbaar God Homself ook aan ons. In hierdie sin is ons Sy verbondsvenote, uitgekies om verantwoordelik en volgens Sy Woord te handel. Ons is sy verbondsvenote en daarom moet ons reageer op Sy bevel en daarom kan Hy ons ook aanspreek (Kelsay 1989:175).

Deurdat God vir die mens toestemming gegee het om Hom aan te spreek in gebed, is om te bid 'n verantwoordelikheid. Gebed word geregverdig op dieselfde manier as wat dit moontlik gemaak word – God se gebod van vryheid. Teologiese etiek moet fokus op spesifieke handeling waarin dit wat reg en dit wat verkeerd is geoordeel word volgens gehoorsaamheid aan God se gebod. In hierdie sin bied etiek riglyne aangaande die goddelike bevel van God. Dit is riglyne wat die mens in staat stel om kennis op te doen aangaande die goddelike bevel en so die “regte” handeling van die mens (Kelsay 1989:175-177).

5.8 Om saam te vat

Na afloop van hoofstuk 5 is dit vir ons duidelik dat gebed 'n etiese en liturgiese handeling is deurdat God ons daardeur oproep om deel te neem aan die werklikheid van Sy koninkryk reeds vandag. Ons ontvang dus meer as net 'n oor wat luister tydens gebed, ons ontvang met dankbaarheid God se voorsienigheid in tye van nood en reageer hierop deur 'n lewe wat spreek van liturgiese en etiese handeling.

SAMEVATTING

Relevansie van gebed vir persoonlike en publieke lewe

Calvyn sien gebed as 'n uitroep na God wat onbeperk is, maar uit *geloof* en 'n dankbaarheid teenoor God moet geskied. Hierdie geloof en dankbaarheid moet gesien word in die vorm van 'n persoonlike gebed en moet gerig wees tot God vir ons afhanklikheid van Hom. Daar is iets van 'n nederigheid wat heers wanneer ons God in gebed nader en ons moet weet dat ons net meer kan wees, dat ons slegs in staat is om te glo en daardeur die Here aan te spreek, a.g.v. Christus wat as geskenk aan ons gegee is.

Barth sien gebed as die doen van teologie. Ons wat dankbaar voor God staan en daarom ook in hierdie dankbaarheid vanuit 'n plek van *gehoorsaamheid aan God* moet lewe. Hierdie dankbaarheid is egter vir hom slegs 'n element betrokke in ons gehoorsaamheid aan God deur gebed, en dit hang saam met petisie en 'n fokus ook op God se voorsienigheid. Wanneer ons bloot vra is ons gehoorsaam, en laat ons God toe om ons harte te kom verander en daardeur die manier waarop ons leef ook. Ons gebed is 'n klag wat lei tot die openbaring van God in ons lewens en ons roep tot optrede in die samelewing.

Ware gebed is gebed wat seker is dat dit gehoor word en Barth verwys na gebed in publieke en private kontekste as ware gebed. Hierteenoor sien Calvyn publieke gebed as iets gevaarliks. Dit ontbloom ons swakheid voor God en daarom kan dit volgens Calvyn nie as 'n eties korrekte handeling beskou word nie. Publieke gebed kan egter deelneem aan die wyer doel van gebed: om harte vir God te wen. Vir Calvyn is gebed egter 'n emosie van die hart wat uitgestort word voor God (Kelsay 1989:180).

Ek verstaan Calvyn se siening in hierdie sin, maar voel persoonlik dat Barth publieke gebed beter verstaan. As ons sê dat God ons hoor wanneer ons bid en dat ons, selfs wanneer ons alleen bid, vir alle gelowiges bid, dan kan ons nie sê dat publieke gebed nie gehoor word nie. Ons is as gelowiges voor God besig om saam die nood in ons lewens aan te spreek, om saam te groei na gemeenskap met God en daarom ook gemeenskap met mekaar.

Alles wat God vir ons kom doen het deur Christus se lyding en bevryding sal van geen waarde wees indien ons nie daaraan aktief deelneem nie. Dit is deur gebed dat ons aktief daaraan deelneem en ons afhanklikheid voor God erken, omdat ons sonder Sy lyding en bevryding nooit vry sou kon wees om in 'n verhouding met Hom of Sy skepping te staan nie (Van Zyl 2013:41). Daarom moet ons bid wanneer stakings plaasvind in ons land, wanneer ongeregtigheid geskied en wanneer ons onself in nood bevind. Ons moet deelneem daaraan deur gebed, omdat ons die koninkryk van God wil laat seëvier in die skepping en Sy geregtigheid sigbaar wil maak daar waar ons onself bevind.

Ons kan dit egter nie sonder Christus doen nie, en net soos wat ons probleme elke dag nuut is, is God se genade ook elke dag vir ons nuut in die sin dat dit vir ons 'n werklikheid is. Daarom moet ons in alle omstandighede en elke dag met God in gesprek tree deur gebed. Smit (2007:368-369) noem dat Christene nooit vir die mens kan wees of vir die mens doen wat God vir die mens is en doen nie, maar moet eerder getuies wees van wat God doen en is vir die mens. In hierdie wêreld van ongeregtigheid, van boosheid en korrupsie moet Christene bereid wees om teen die stroom op te swem ten spyte van die gevolge daarvan, omdat daardeur getuig word van die geregtigheid van God wat in die skepping heers. Dis die geregtigheid van God wat eenheid en vrede bring tussen mens en God, maar ook tussen mens en mens.

As Christene moet ons daar wees, nie net op die kantlyn nie, maar in die strewe, die veg na geregtigheid, sodat die wil van God daardeur gesien mag word. Christene moet deel word van die hopeloses en dié wat sukkel nie net met woorde nie, maar met dade, al is dit op klein maat en op 'n plek waar ons dit nooit sal verwag nie. Dit moet gedoen word vir die eer en verheerliking van God se Naam en die genade waarin ons saam met Hom mag leef.

Ons word as Christene geroep tot aksie wanneer ons bid, omdat die aard van die God tot wie ons bid een is wat vra vir reaksie van ons kant af – ons is deel van Sy verbond van liefde en genade (Smit 2007:371). Gebed kan dus in hierdie sin nooit *nie meer relevant* wees nie, omdat dit is waar God en mens mekaar ontmoet en waar ons besef hoe afhanklik ons van God af is en daardeur reageer op dit wat Hy reeds deur Jesus Christus vir ons kom doen het en steeds doen.

Ons dien God in hierdie wêreld as getuies tot die goeie nuus van God se vrye en liefdevolle “Ja” aan die mensdom. Wanneer ons bid is ons besig om hierdie doel uit te dien en ’n werklikheid te maak in ons eie lewens, maar ook in ander se lewens (Smit 2007:375). Ons dankbaarheid, petisie en aanbidding stem vanuit die hoop en genade wat God vir ons gebring het. Tydens ons gebed ervaar ons die liefde en genade van God op ’n dieper vlak, tot so ’n mate dat dit lei tot die transformasie van ons harte. God se wil raak ook ons wil en ons kan nie anders as om weereens dankbaar te reageer nie, omdat God ons nie net in staat stel om te kan bid nie, maar Hy bring transformasie sodat ons ook kan leef vanuit ons gebedslewe (Fink 1998:134-135).

Ons hoop is nie net ’n toekomstige hoop nie, maar ook ’n hoop vir die hier en nou. ’n Hoop wat ons huidige konteks en dit wat vir ons in die toekoms wag aanspreek en beïnvloed. God moet in ons gebed benader word as die bron van ons vryheid, sodat Hy daardeur erken kan word as die bron van lewe en die Een wat na ons luister en ons antwoord deur ’n diepe besef dat ons afhanklik is van Hom. Gebed is dus relevant, omdat God dit relevant gemaak het. Hy wat Vader, Seun en Heilige Gees is en ons rig tot ’n lewe van deelname in hierdie wêreld.

Die menslike agentskap in gebed

Beide Barth en Calvyn erken dat gebed vir die mens onmoontlik sou wees sonder Christus. Die mens neem juis deel aan gebed a.g.v. Christus. Die mens mag daarom met God in gesprek tree en Hom aanspreek omdat Hy die een is wat eerste inisiatief geneem het en daardeur vir ons ook in staat stel, deur die Gees wat in ons leef, om ook inisiatief te kan neem deur gebed. Ons inisiatief vind plaas in die vorm van *reaksie* op die genade en liefde wat God vir ons deur Christus bewys het en steeds bewys.

God se werking in ons deur gebed is m.a.w. relevant vir ons persoonlik en sosiale optrede, deurdat gebed ons persoonlik verborge en vry spreek, maar dan oriënteer tot aksie in die samelewing. Dit is ’n aksie van omgee waarin ons mekaar ontmoet, soos wat Serene Jones vir ons uitwys, omdat ons in gebed eerstens vir God ontmoet en aanspreek. Hierdie aksie van omgee, van ’n soeke na geregtigheid en van eenheid in Christus, bring heling in ons samelewing en maak die werklikheid van God se koninkryk sigbaar in ons lewe.

Die menslike agentskap is dus liturgies (gerig tot God in lofprysing, dankbaarheid en petisie) en ook eties (ons word verander, maar dit impliseer ook 'n sekere manier en wyse waarop ons staan in die realiteit van hoop, met verwagting en met betekenis). Daar vind 'n verskuiwing van fokus plaas waarin die uitsigloosheid van hoop 'n strewe word om daadwerklik in volheid van wie God in hierdie wêreld deur ons is te leef.

Dit maak 'n verskil as ek bid

Ons sien dus dat die aksie van gebed in ons huidige konteks 'n onmisbare verskil tot gevolg het. Dat dit ons aanspoor om nie net anders te handel nie, maar met hoop te handel omdat ons seker kan wees dat God ons hoor, in ons leef en ons in staat stel om Hom aan te spreek. Dat sy koninkryk nie net ver in die toekoms lê nie, maar dat dit reeds 'n werklikheid kan word in ons lewens vandag deur die krag van God wat Hy aan ons bekend maak wanneer ons na Sy wil vir ons lewens vra in gebed. Dit maak 'n verskil wanneer ons bid omdat ons tot God drie-enig bid, Hy wat Vader, Seun en Heilige Gees is.

Beide Barth en Calvyn erken dat ons na God uitroep in ons gebed en daardeur Hom toelaat om ons wêreld verander. Hierdie verandering kan egter slegs geskied wanneer God se wil ons wil raak en dit kan slegs gebeur deurdat ons in 'n aktiewe verhouding met God leef. Daarom moet ons bid in tye van stakings by tersiêre instellings regoor die land, in tye van droogte regoor die land en in tye van geweld teen vroue en kinders, want God roep ons op om dit te doen. Dit is Sy wil dat reg en geregtigheid in hierdie wêreld seëvier sodat Sy koninkryk reeds in ons huidige konteks 'n werklikheid mag wees, nie net vir onself nie, maar ook vir die hele skepping.

Ons leer by Barth en Calvyn dat gebed nie net bloot iets is wat ons doen nie, maar dat dit 'n diep teologiese aksie van dankbaarheid en hoop is. 'n Aksie waarin daar gevra word na God se ingrype sodat verandering teweeg gebring mag word. Dit is 'n liturgiese en etiese handeling wat hoop bring aan elke mens en die skepping in geheel.

UITTREKSEL

Afrikaans / Engels

Die navorsing soos in hierdie Skripsie weergegee, wys die relevansie van gebed in ons hedendaagse konteks van stakings, droogte en geweld teen vroue en kinders uit deur primêr na die teologie van Johannes Calvyn en Karl Barth te kyk. Beide van hierdie teoloë wys op die transformiewe aard van gebed, dat dit 'n uitroep tot God is om in ons lewens deur Sy Gees te werk sodat Sy wil ook ons wil mag word.

Wanneer ons bid hoop ons op die realisering van die koninkryk van God, nie net in die toekoms van die eskatologie nie, maar reeds in hedendaagse realiteit. Dit vra na 'n lewe van gebed, 'n lewe in verhouding met die drie-enige God waarin daar liturgies en eties gehandel word en gestrewe word na reg en geregtigheid bo die onreg van die wêreld.

Serene Jones stel voor dat gebed as handeling toegepas moet word in die hantering van trauma en bewys hierdeur dat dit relevant is vir ons huidige konteks. Die aksie van gebed laat die individu in nederigheid voor God staan, met leë arms wat oop is om Sy genade, liefde, en verlossing te ontvang wat Hy reeds aan ons gebring het, en waarop ons kan reageer deur 'n liturgiese en etiese lewe van gebed.

Dit is God wat die inisiatief neem, wat ons deur die Heilige Gees in staat stel om Hom aan te kan spreek. Hy bring transformasie wanneer ons Hom nader in gebed omdat dit in die aksie van gebed is dat ons die werklikheid van God se redding vir ons deur Jesus Christus besef. Dis 'n liefde wat die realiteit van die wêreld te bowe gaan en ons aanspoor om nie net anders te spreek nie, maar ook anders te handel.

Dit maak 'n verskil om te bid omdat God se genade en verlossing elke dag nuut daar vir ons is en omdat Hy saam met ons elke oomblik van ons lewens die pad wil stap sodat ons nie vasgevang sal raak in die uitdagings en ongeregtighede van die lewe nie, maar sal opstaan vir dit wat reg is (liturgiese en etiese handeling) en sal strewe, deur die Gees, vir 'n "koninkrykslewe" van dankbaarheid en getrouheid teenoor God vir die geloof wat Hy aan ons gegee het deur Sy Seun sodat ons Hom mag aanspreek in gebed.

The research of this dissertation shows the relevance of prayer in our contemporary context of strikes, drought, and violence against women and children, primarily through the use of the theology of John Calvin and of Karl Barth. Both of these theologians' point to the transformative nature of prayer, that it is a plea to the Lord to work in our lives through His Spirit in order for His will to become our will.

When we pray, we hope on the realization of the kingdom of God, not only in the future of the eschatology, but already in our reality today. It asks for a life of prayer, a life in relationship with the triune God wherein liturgical and ethical action is required and truth and justice is sought above the injustices of this world.

Serene Jones suggests that prayer as an action should be applied when dealing with trauma, and proves through this that it is relevant to our current context. The action of prayer allows the individual to stand before God in humility with empty arms that is open to receive the grace, love, and redemption that He has already brought to us, and to which we can respond through a liturgical and ethical life of prayer.

It is God who takes the initiative, that enables us to speak through the Holy Spirit to speak to Him. He brings transformation when we approach Him in prayer, since it is in the action of prayer that we come to realize the reality of God's salvation for us through Jesus Christ. It is a love that goes beyond the reality of this world, encouraging us to not only speak differently, but also act differently.

It makes a difference to pray, because God's grace and salvation is made new for us each and every day, and also because He walks the path with us every moment of our lives so that we are not caught up in the challenges and injustices of this life, but that we rather stand up for what is right (liturgical and ethical action) and strive, through the Spirit, for a "kingdom life" of gratitude and fidelity towards God, because of the faith that He has given to us through His Son, so that we may address Him in prayer.

SLEUTELTERME

Oriëntasie / orientation

Publiek / public

Trauma / trauma

Transformatief / transformative

Petisie / petition

Gehoorsaamheid / obedience

Geestelike versorging / Spiritual care

Reageer / respond

BIBLIOGRAFIE

ANDERSON, E.B. 1998. "O for a heart to praise My God": Hymning the Self Before God, in: *Liturgy and the Moral Self: Humanity at Full Stretch Before God*. Collegeville: The Liturgical Press: 111-125.

BARTH, K. 2002. Prayer, in: *Prayer: 50th Anniversary Edition*. Louisville: Westminster John Knox: 9-21.

BARTH, K. 2002. Interpreting the Lord's Prayer in the Tradition of the Reformers, in: *Prayer: 50th Anniversary Edition*. Louisville: Westminster John Knox: 22-73.

BONDI, R. 1998. Praying the Lord's Prayer: Truthfulness, Intercessor Prayer, Formation in Love, in: *Liturgy and the Moral Self: Humanity at Full Stretch Before God*. Collegeville: The Liturgical Press: 153-167.

CALVIN, J. 1559. *Institutes of the Christian Religion*. Translated by Henry Beveridge (1989). Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

CALVYN, J. 1973. *Calvin's Institutes*. Florida: Mac Donald Publishing Company.

COCKSWORTH, A. 2015. *Karl Barth On Prayer*. Bloomsbury: T&T Clark.

FINK, P.E. & S.J. 1998. Life as Prayer: Contemplation and Action, in: *Liturgy and the Moral Self: Humanity at Full Stretch Before God*. Collegeville: The Liturgical Press: 127-138.

HESSELINK, J. 2002. Karl Barth on Prayer, in: *Prayer: 50th Anniversary Edition*. Louisville: Westminster John Knox: 74-94.

IMMINK, F.G. 2016. The sense of God's presence in prayer, in: *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*. 72(4): 1-7.

JONES, S. 2009. *Trauma and Grace: Theology in a Ruptured World*. Louisville: Westminster John Knox.

KELSAY, J. 1989. Prayer and Ethics: Reflections on Calvin and Barth, in: *Harvard Theological Review*. 82(2): 169-184.

KLEIN, J.T. 2010. A taxonomy of interdisciplinarity, in: Frodeman, R. & Klein, J.T. & Mitcham, C. *The Oxford handbook of interdisciplinarity*. Oxford: Oxford University Press. p.p. 15-30.

MCKIM, D.K. 2002. Karl Barth on the Lord's Prayer, in: *Prayer: 50th Anniversary Edition*. Louisville: Westminster John Knox: 114-134.

MIGLIORE, D.L. 2002. Freedom to Pray: Karl Barth's Theology of Prayer, in: *Prayer: 50th Anniversary Edition*. Louisville: Westminster John Knox: 95-113.

MORAN, J. 2010. *Interdisciplinarity: 2nd Edition*. Abingdon: Routledge.

RAMSHAW, G. 1998. Pried Open by Prayer, in: *Liturgy and the Moral Self: Humanity at Full Stretch Before God*. Collegeville: The Liturgical Press: 169-175.

SMIT, D.J. 2007. *Essays in Public Theology*. SUN Press: Stellenbosch.

STAMPS, M.E. 1998. Lives of Living Prayer: Christomorphism and the Priority of Prayer in the Rule of St. Benedict, in: *Liturgy and the Moral Self: Humanity at Full Stretch Before God*. Collegeville: The Liturgical Press: 139-151.

STEINMETZ, D.C. 2010. *Calvin in Context: Second Edition*. Oxford University Press: New York.

TALJAARD, A. 2011. On becoming children: In conversation with Calvin on receiving and responding to the gift of faith amidst the reality of an insecure and traumatized world, in: *NGTT Journals*. Deel 52, No. 3 & 4: 521-530.

The Famous People. 2015. [Aanlyn.] Bekom van:

<https://www.thefamouspeople.com/profiles/karl-barth-2043.php> [2017, 3 Oktober]

VAN ZYL, M.S. 2013. *Prayer: the chief exercise of faith. The centrality of prayer in faith and obedience according to Karl Barth*. Stellenbosch: Sun Scholar.

WOLTERSTORFF, N. 2015. *The God We Worship: an exploration of liturgical theology*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.

WREN, B. 1998. Clunky Prayers and Christian Living: Reflections on Writing, Prayer, and Practice, in: *Liturgy and the Moral Self: Humanity at Full Stretch Before God*. Collegeville: The Liturgical Press: 181-192.